Jesus Kom Al Sy Afsprake Na

Bly staan net 'n oomblik, en buig ons hoofde vir 'n woord van gebed. En nou soos wat ons hoofde gebuig is, en ons harte, wonder ek—ek, aangesien dit die aand is wat ons nou opsy gesit het, vir—vir die reddingsaand, vir na Christus kom en die Heilige Gees ontvang, wonder ek hoeveel 'n versoek het, en graag dit wil sê: "Here God, dink aan my. Ek wil reg wees, met U, nou"? Sal julle julle hande hoog opsteek? Here seën julle.

2 Ons Hemelse Vader, ons is so dankbaar vir U Teenwoordigheid, en vir mense opreg van hart wat werklik glo dat—dat U kom, en hulle—hulle moet gereedmaak vir hierdie groot gebeurtenis waarvoor die hele wêreld gewag het, al hierdie duisende jare. En ons lewe net, as't ware, kyk hoe tyd en geskiedenis uitloop, en Ewigheid wat begin inbeweeg. En ons sien hierdie verskyning, sodat ons harte vreemd warm word. En ons bid, Vader, dat U vanaand ons harte sal ondersoek, en ons beproef. En as daar enige sonde in ons is, Here, neem dit weg. Ons het hierdie week opgelet, in U groot Teenwoordigheid, soos wat ons U dopgehou het oor hierdie, onder hierdie gemeente, wat reg afgaan en die einste gedagtes van die hart uitgrawe, en dit aan ons openbaar, vir ons hierdie dinge sê. Nou, vanaand, Here, wil ons hê ons harte moet waar en opreg wees met U. Ons bid dat U sal seën.

3 Hier op die platform, op die preekstoel, is 'n doos met sakdoeke geplaas, klein pakkies wat na die behoeftiges gaan. Ek bid, Hemelse Vader, soos—soos wat hulle gestuur word vanaf hierdie plek, waar daar gebid is, en geloof om God te glo, dat—dat elke sakdoek hier, en elke lappie en pakkie wat die siekes aanraak, mag hulle genees word. Want, hierdie gehoor en ons, saam, vra eenstemmig dat U hulle sal genees, Vader. Dis 'n gedenkteken dat ons gevra het. U het gesê: "Vra, en julle sal ontvang. En wanneer julle bid, glo dat julle ontvang waarvoor julle gevra het." Ek glo, Here. Ons glo almal. En dit is gevra. Nou laat dit gedoen word om die Koninkryk van God se onthalwe, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Kan maar sit.

4 Wel, dis sekerlik goed om weer terug te wees by die—by die ouditorium vanaand, en onder groot verwagtinge vir die Here om ons vanaand te besoek, waar ons hierdie aand opsy gesit het, van vir die siekes te bid, na die. . .redding vir ons siele te

soek. Elkeen van ons het nodig om ons lewens opnuut weer toe te wy. En hierdie week het ons die Teenwoordigheid van Jesus Christus gesien, die bevestigde Skrif, Hy net hier onder ons, het gekyk wat Hy doen. Dieselfde dinge wat Hy op aarde gedoen het toe Hy hier was voorheen, Hy doen dit net so. Nou, as ons in die bediening sien soos dit styg, net soos wat ons na 'n volmaakte dag groei, 'n volmaakte kerk. Ons het begin. . . Net soos—soos ons vanmôre gesê het.

5 In ons lieflike klein gemeenskap, vanmôre, het ons beslis 'n wonderlike tyd gehad by daardie ontbyt. Ek dank die broers vir hulle goeie samewerking. Ek het die hande kon skud van baie van hulle, hierdie goeie manne wat hierdie byeenkoms borg, ons hiernatoe bring. Om. . . Dit wys dat hulle belangstel in hulle mense. Hulle is skaapwagters en stel belang in hulle skape. En so is ek—is ek dankbaar dat sommige van hierdie. . . Enige skaapwagter stel belang daarin dat sy skape vitamiene inkry. En hierdie is geestelike vitamiene, as't ware, wat—wat die skape help om te groei tot sterk geloof in ons God. En so ek—ek waardeer sulke manne.

6 En nou, praat vanmôre oor die gedagte van die Kerk wat groei, sien, kom soos 'n Saad in die grond. En daardie Saad, soos dit geplant word, groei van glorie tot glorie. En dit kom, na 'n ruk, tot 'n bloeisel, en gaan dan terug na die saad. Dis soos die oorspronklike saad wat geplant is. En so was die Kerk. Die kerkeeu het begin, in hierdie laaste dae. . .

7 Na die donker eeue, het dit begin by Martin Luther, in die hervorming, het regverdigmaking deur geloof verkondig. Na sy tyd, en hulle die kerk georganiseer het, het dit uitgesterf.

8 Toe, daarin, het Zwingli gekom, na Luther. En Zwingli het nie eens in die maagdelike geboorte geglo nie. Hy het oorkant na Switserland gegaan. Hulle glo steeds nie, in die Zwingli doktrine, glo nie dat Jesus maagdelik gebore is nie. Hulle het gesê Hy was die seun van Josef, die Seun van God *genoem*.

9 Maar dit trek die hele prop uit onder, die hele fondament van die Christendom. Hy is maagdelik gebore, of Hy's net 'n mens soos ek of jy. Hy was die Seun van God.

Toe, daarna, het Calvyn gekom, en aan en aan.

10 Uiteindelik, het die kerk daar in so 'n toestand beland, moes nog 'n hervorming hê. En God het John Wesley gestuur met 'n boodskap van heiligmaking, reinheid van die gees. En toe het hy en Whitefield, en baie van hulle voortgegaan in die groot hervorming, en Asbury. Hulle het na die Verenigde State toe gekom. En daardie groot herlewing het Engeland en die wêreld gered, op daardie tydstip.

11 Wat het hulle gedoen? Nadat daardie stigters uitgesterf het, begin hulle organiseer op hulle doktrine, en, voor jy jou kom

kry, het hulle ’n organisasie gevorm. Toe het ons ander gehad wat daarvan weggebreek het, soos Alexander Campbell, John Smith, en die Baptiste kerk, ensovoorts. En toe het die Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, en ander aangekom.

12 En toe het die groot hervorming weer gekom, Pinksterbeweging, gekom uit daardie organisasies, met die terugbring van die gawes; spreek in tale, Goddelike genesing. Groot wonderwerke en tekens het afgekom. Dit het ’n lang tyd geduur. Dis nou al vyftig, omtrent agt-en-vyftig jaar, sedert die Heilige Gees begin val het op ou Azusastraat buite in Kalifornië. Hier in die Verenigde State, waar Dit begin val het, het ’n groot tyd aangebreek.

13 Toe, wat het die Pinksterbeweging gedoen? Een het vir hom ’n organisasie gemaak. Een het gesê: “Hy kom op ‘n wit perd”; ’n ander: “Op wit wolk”. En hulle het gegaan, in organisasies in, en opgebreek, hulle broederskap onder die mense verbreek.

14 En net soos Israel. Min het Israel geweet dat toe hulle die oorwinning uitgeroep het op die oewer van die rivier, was hulle net omtrent vier dagreise, omtrent veertig myl, van die beloofde land af weg. Hulle het nie besef hulle was veertig jaar, wat dit hulle sou neem nie. Maar wat was dit? Genade het hulle ’n profeet voorsien, ’n Vuurkolom, ’n geofferde lam, ’n verlossing. En steeds wou hulle ’n wet hê. Hulle wou iets hê waarin hulle iets te doen kon hê. Hulle wou hulle hande daarop sit. Dit was die grootste fout wat hulle ooit gemaak het, in Eksodus 19, toe Israel genade verwerp en wet aanvaar het.

15 En toe wat het hulle gedoen? Hy het net vir hulle net daar in die woestyn laat bly vir veertig jaar. Hulle het wingerde geplant, en hulle het vrugte geëet, en hulle het vroue getrou, en hulle het kinders grootgemaak, totdat daardie ou geslag uitgesterf het en ’n ander geslag na vore gekom het. Veertig jaar later, en nie skaars veertig uur weg nie, maar moes vir veertig jaar wag voor hulle oorgegaan het. Toe het ’n nuwe leier aangekom, Josua, en het hulle in die land inbeweeg, met die nuwe groep.

16 Nou, ek dink dis ’n baie pragtige tipe hier, wat ons uitvind. Lank gelede, toe ons voorvaders in die Pinkster, hulle opgestaan het. Hulle het die ou Algemene Raad gehad, het daaruit die Gemeentes van God gevorm. Daaruit het die V.P.K. gekom, toe “Verenigde”, ensovoorts, totdat hulle organisasie na organisasies gehad het, gestry en baklei. God het hulle net daar laat sit, vroue laat trou, kinders laat grootmaak, in tale laat spreek, laat uitroep in die Gees. Maar nou het daar ’n nuwe groep opgekom. Hulle was net slegs ’n paar dae van die beloofde land af. Al hierdie seëninge wat hulle gehad het, was goed. Maar, onthou, die hele land het aan hulle behoort. Nou maak ons gereed om in die Beloofde Land in te gaan, so mag die Here ons help soos ons na hierdie dinge kyk. Sien?

17 Net soos die piramide. Het julle opgelet hoe die piramide gemaak is? Nou nie 'n piramide doktrine nie; net 'n piramide.

18 Kyk op jou eendollar noot. Die seël van die Verenigde State is daardie arend. Wel, waarom sê dit daar op die piramide: "Die Groot Seël"? Waarom sou dit hier groter wees as Verenigde State en—en die seël van die Verenigde State; die Groot Seël, die oog, wat dophou?

19 En die—die deksteen wat bo-op die piramide kom, was. . . dit was verwerp. Dit was nooit op die piramide nie, is tot vandag toe nie; die "Stone of Scone", beweer hulle. Maar dit is nooit opgesit nie, die deksteen. Waarom? Toe Henog en hulle, in die vroeë dae, die piramides gebou het onder in Egipte, vind ons uit, en daarin, het hulle geweet dat die hoeksteen, die deksteen, verwerp sou word. En daardie piramide is so volmaak aanmekaar gesit dat hulle nie messelklei nodig het nie. Dit is so meganies uitgekap dat een steen teen die ander pas, so styf, jy kan nie eens 'n skeermeslem tussen hulle sit nie. Nou, net aangehou ophoop, en nou is dit heel afgeslyp, bo-op, gereed vir die deksteen wanneer dit sal kom.

20 Dis die manier waarop God Sy Kerk gebring het, van regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, en nou die bediening van die Gees wat dit is wat die Woord lewend maak. Daardie bediening in die Kerk sal net presies soos Syne moet wees.

21 Net soos dit, wanneer my skaduwee hier, van my hand. . . As ek nog nooit my hand gesien het nie, die skaduwee gesien het, dis soort van. . . Dit verdof, soos dit weggaan. Maar soos dit nader en nader kom, kom die negatief en positief bymekaar, totdat hulle albei dieselfde ding word.

22 En dis presies wanneer die Kerk en die Woord een moet wees, soos Jesus en God een was, net presies. Hulle. . . God het, was in Christus, het die wêreld met Homself versoen. En so sal Christus in die Kerk moet wees, die gesalfde van die Woord, om alles te vervul. En dis die Deksteen wat op die laaste kerkeeu kom. Nou nie die Laodicéa nie. Dis 'n uitroep daaruit. 'n Bruid uit 'n kerk uit, Kerk uit 'n kerk uit, met ander woorde, net soos hy 'n nasie geroep het uit 'n nasie, in Egipte. En nou lewe ons in daardie dag, en ons is dankbaar vir hierdie groot dinge wat ons gesien het.

23 Nou, môremiddag, as die Here wil, gaan die afsluiting van hierdie diens wees, hierdie deel van die diens. En ons gaan dit geheel en al toewys aan bid vir die siekes. En almal wat wil hê vir hulle moet gebid word, kan daar kom en 'n gebedskaart kry, om deur die gebedsry te kom. Nou, die rede dat ons gebedskaarte uitgee by hierdie, is om hulle in 'n ry te kry. En dan, as jy dit nie doen nie, hou hulle net aan om, en om, en omgaan, sien julle.

Hulle, so jy. . . Ons gee hulle ’n gebedskaart. Jy het ’n gebedskaart, en kom in die ry. En julle sal sien en glo, julle sal die heerlikheid van God sien plaasvind. Dit sal wonderlik wees.

24 En nou bedank ons julle vir alles wat julle gedoen het, en vir die groot verwelkoming wat ons onder hierdie predikerbroers, ensovoorts gehad het.

25 Nou, môre is Sondag, en hierdie kerke sal oop wees. Daar sal geen diens hier wees môre-oggend nie. Daar sal Sondagskool wees. En julle besoekers. . . Ek het self ’n paar vriende hierbinne wat—wat by ons in die geselskap is, en sommige wat onder van my tuisdorp af gekom het, hierheen om by ons te wees.

26 Nou, hierdie is die manne wat hierdie byeenkoms borg. Hulle glo in hierdie soort byeenkoms. As ek hier in hierdie stad gewoon het, sou ek aan een van hulle kerke behoort het. Ek sou beslis, want hulle glo dieselfde ding wat ek glo. En ek sou aan een van hulle kerke behoort het, as ek hier gewoon het.

27 En julle wat julle lewe aan Christus gegee het hierdie week en julle het nie ’n kerktuiste nie, waarom gesels julle nie met hulle daaroor nie? Hulle glo hierdie selfde ding, of hulle sou nie hierbo sit en dit verteenwoordig nie. Sien? So nou, jy—jy—jy moet vir jou ’n goeie een kry, van hierdie goeie kerke, môre, en daarheen gaan. Ek is seker hulle sal jou goed doen. Hulle sal jou help. Hulle sal jou help om te glo. En as jy nie gedoop is nie, vra hulle. As jy nie die Heilige Gees ontvang het nie, vra hulle daaroor. En hulle sal jou help regdeur na Christus toe, en jou herder wees reg voort op die pad totdat Hy terugkeer. Nou, die Here seën elkeen van julle.

28 En nou, julle weet, die Presbiteriane is altyd aan die opstaan en gaan sit, sê hulle. En ek is nie ’n Presbiteriaan nie. Maar ek glo wel dat wanneer ons die Woord lees behoort ons te staan, omdat dit ’n eer aan God is, om te staan. Net soos ons die vlag salueer, of trou sweer, of wat ook al.

29 En nou, vir vanaand, het ek ’n Skriflesing gekies hier, uit die Boek van Lukas, die 7de hoofstuk, vanaf die 36ste vers.

30 En nou, die hele week lank het ek gewerk aan ’n—’n gedagte wat by my opgekom het, op die pad hierheen, oor “Die ontsluiering van die magtige God.” Maar toe ek klaar was, na Skrifte en dinge gekyk het, het ek byna twintig bladsye gehad. So ek sou nooit daardeur kom, in geen uur hier nie. So ek het gedink ek sou dit vanaand moes verander, so ek het.

31 Ek glo dis die wil van die Here dat ek hierdie dinge sê. Nou, in die 7de hoofstuk van Lukas, en die 36ste vers.

> *een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te eet; en Hy het in die huis van die Fariseër gekom en aan tafel gegaan.*

En toe 'n vrou in die stad, wat 'n sondares was, verneem dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy 'n albaste fles met salf gebring

en agter by sy voete gaan staan en geween; en sy het sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf.

Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself (onthou, nie hardop nie) *by homself: Hy*,as hierdie man *'n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak; want sy is 'n sondares.*

En Jesus antwoord en sê vir hom: Simon, Ek het iets om aan jou te sê. En hy antwoord: Meester spreek.

'n Sekere geldskieter het twee skuldenaars gehad; en hulle het geskuld. . . *die een het vyfhonderd pennings geskuld en die ander een vyftig;*

en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie het hy dit aan altwee geskenk. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste liefhê.

En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel dié een aan wie hy die meeste geskenk het. En Hy antwoord hom: Jy het reg geoordeel.

Daarop draai Hy om na die vrou en sê vir Simon: Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis ingekom—water het jy nie vir my voete gegee nie; maar sy het met haar trane my voete natgemaak en met die hare van haar hoof afgedroog.

'n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het, vandat sy ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie.

Met olie het jy my hoof nie gesalf nie; maar sy het my voete met olie *gesalf.*

Daarom sê Ek vir haar. . . *sê Ek vir jou: Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief.*

En Hy sê vir haar: Jou sondes is vergewe.

Toe begin dié wat aan tafel was, by hulleself te sê: Wie is hierdie man wat selfs die sondes vergewe?

En Hy sê vir die vrou: Jou geloof het jou gered; gaan in vrede.

32 Laat ons bid.

33 Here Jesus, hierdie verhaal het baie jare gelede plaasgevind. Maar dis 'n ware verhaal, want dit is geskrywe op die bladsye van ons Bybel, en ons weet dat dit waar is. En nou sou ons op

geen manier probeer om dit weer vanaand te laat afspeel nie, maar ons wil graag hê dat U ons help om dit vanaand as ’n boodskap aan die mense te bring, dat hulle kan sien dat—dat U steeds dieselfde Here Jesus is. En ons bid vir U seëninge op ons almal, waar ons behoeftige mense is. Ons het U nodig, Here.

34 En ons glo, vanaand, hoewel ons sien U laat die blindes sien en die dowes hoor, en die verlamdes loop, en—en deur dokters se verklarings gesien het U wek vyf mense op uit die dood, op verskillende tye, in verskillende nasies; maar nogtans, Here, glo ek, die heel siekste ding waarvan ek vanaand weet, is die liggaam van Christus hier op aarde, die kerk. Dis regtig siek. Genees dit vanaand, Here. Hierdie gedeelte wat hier saam sit, hierdie—hierdie klomp wat vertoef hier in—in Tampa, hierdie lieflike klomp mense, Here, genees elke wond vanaand. Laat die Gees dit aan ons skenk, want ons vra dit in Jesus se Naam, en tot Sy eer en tot Sy heerlikheid, hier in die stad waar ons op reis is. Amen.

35 Kan maar sit. As ek dit nou sou noem, net vir ’n paar oomblikke . . . En probeer nie, elke aand . . .

36 Ek moet julle om verskoning vra. Omdat julle so gaaf was, en julle so ’n maklike gehoor is om voor te preek, totdat jy net nie weet wanneer om op te hou nie. En dit laat ’n prediker weet dat julle voed op, of die Woorde ontvang wat ek preek.

37 Ek het na julle gekom toe ek . . . ek’s die moegste wat ek al ooit was, in ek weet nie wanneer nie. Sien, het nie opgehou sedert Kersfees nie.

Ek gaan reguit hiervandaan na Tucson, en begin weer.

38 Kom reg daarvandaan, en gaan na Brits Colombië toe, om ’n hele stam Indiane te doop wat ek na Christus gelei het, voorheen Katoliek was, verlede herfs, toe ek op ’n jagtog was. En die hele groep het hulle hart aan Christus gegee, deur die genesing van die moeder, een van die moeders. Wat, die dokters, geeneen kon haar aanraak nie. Sy het gelê, sterwend. En hulle wil hê ek moet terugkom, sodra die ys gesmelt raak. Sien, word minus vyf-en-tagtig daar. En so, en ys gesmelt, neem ek hulle, en alles.

39 ’n Groot klomp strikstellers en jagters, heen-en-weer langs die Alaska-hoofweg, ontmoet my almal, om gedoop te word en neem Christus aan. Hulle het die Here ’n visioen sien wys van ’n sekere ding, waar ’n sekere beer sou wees, hoeveel hy sou weeg, watter soort hy was, en waar ’n sekere dier sou bly; hoe, wie daar sou wees en wat hulle sou dra, en alles daaroor. En het hulle vertel voor dit gebeur het. En hulle het gesê: “Dis nie eens daardie soort dinge in hierdie land nie.” En ons is reguit daarheen. Dit het gebeur, woord vir woord. Die trofeë hang vandag in my kamer. Sien? Hulle het gesê: “Ons wil ook gedoop word.” Rowwe manne, maar, julle weet, Hy het saad wat oral lê.

40 My onderwerp vanaand is: *Jesus Kom Al Sy Afsprake Na.* Ek wil hê julle moet dit in gedagte hou soos ons praat. En ek sal nie te lank praat nie. En ek wil hê julle moet nou daaroor nadink. Onthou, jy moet hierdie Een wat vanaand by ons teenwoordig is, eendag ontmoet.

41 Nou, dit moes byna sononder gewees het, wanneer ons toneel vanaand 'n aanvang neem. Dit moes omtrent sononder gewees het. En hierdie koerier het heeldag gehardloop, miskien twee of drie dae. Hy het Hom probeer kry. Hy het afgegaan, miskien, byna, van Dan tot Berséba.

42 Omdat, Jesus, in Sy bediening, aan die gang was. "Praat hier," verrig Sy tekens en wonders, en die mense sou almal vergader. Hy sou vertrek, êrens anders heen. "Ek moet na 'n ander stad toe gaan."

43 En hy het 'n moeilike tyd beleef. Miskien het hy oorkant na Kapérnaüm gegaan, en het hulle gesê: "Wel, Hy is 'n week gelede hier weg. Ons weet nie presies waarheen Hy gegaan het nie, maar Hy is êrens anders heen." En hy, o, hy was moeg. Sy hare was nat van die sweet, sy bene was stowwerig en sweterig, en soos hy aangekom het by die geselskap waar Jesus gepraat het.

44 En Jesus was ook moeg. Hy het heeldag gepraat. Sy mond was droog, van baie praat. En Sy hande het bewerig begin lyk, en Sy oë moeg, soos wat die son begin sak het.

En hy wou Jesus sien. Hy het 'n boodskap gehad vir Hom.

45 En nou, Jesus het twaalf manne om Hom gehad, wat die mense van Hom af weggehou het, want hulle sou net op Hom toesak. En toe het hulle. . . Ek maak 'n drama hiervan, sodat almal dit kan begryp. En so vind ons, hierin, dat Jesus se manne, hy moes gekom het. . . Laat ons sê hy het na Filippus gekom. En Filippus kon iets gesê het soos dit: "Meneer," of: "Jongman, ons sou jou beslis graag die Meester wou laat sien, maar—maar Hy's so moeg. Ons, ons moet Hom net dophou, want Hy—Hy gaan net voort tot Hy byna omval. En ons was in soveel byeenkomste ensovoorts onlangs, dat, ek's jammer, ek glo nie ons kan dit doen nie."

46 "Maar," sê hy: "ek—ek het 'n briefie hier, wat van 'n baie belangrike man in die godsdienstige kringe kom. En dis 'n uitnodiging vir julle Meester, wat 'n groot—groot ding sal wees as—as Hy sal gaan. En ek moet Hom sien. Omdat, ek is beveel, dat ek hierdie briefie na Hom moet neem, en sien dat Hy dit persoonlik kry."

47 So, uiteindelik, het hulle hom na die Here Jesus toe geneem. En terwyl Hy na hom gekyk het, die Here Jesus; het miskien Sy plek (preekstoel) verlaat vanwaar Hy gepraat het, waar die dissipels en hulle dit vir Hom reggemaak het om vanaf te praat. Soos wat Hy gekyk het, wel, Hy het na die jongman gekyk. Hy moes van hom gehou het.

48 En die jongman het Hom vertel. Hy het gesê: "Ek is gestuur met 'n—'n boodskap, Meneer. En daar's 'n baie vooraanstaande man onder in 'n sekere stad. En hy's 'n Fariseër, die strengste van die godsdienste. En hy—hy maak 'n—'n maaltyd, 'n groot geleentheid, 'n banket. En hy wil hê U moet kom, om die eregas te wees. En hy's . . . Baie sal graag hierdie banket wou bywoon, maar hy het U gekies. En ek probeer al drie dae om U te kry, oor die land heen. En ek was beslis bly om hier uit te kom, Meneer. En ek sal hierdie briefie aan U afgee, daaroor, en van hom af."

49 En Hy het die briefie gevat en dit gelees. En ons vind uit dat hierdie sekere Fariseër het . . . 'n fees gehou, en—en het Hom gevra om soontoe te kom en 'n eregas te wees by hom. So, Jesus wat 'n paar oomblikke staan en na die jongman kyk.

50 En tog so besig as wat Hy was, maar jy kan Hom nooit uitnooi sonder dat Hy sal kom nie. Ek gee nie om wat die situasie is nie, Hy sal kom.

51 Hy het gesê: "Sê jy vir jou—jou meester Ek sal daar wees. Op hierdie sekere dag, teen hierdie sekere tyd, sal Ek daar wees."

52 En die koerier moes geglimlag het, tevrede, en het weggedraai, en bult-af gehardloop om die goeie nuus na sy meester terug te neem, dat hy daarin geslaag het om die boodskap by die Een te kry wat hy wou hê.

53 Wat was die probleem met daardie koerier? Hoe kon dit wees? Was hy bewus van wat hy gedoen het? Die eerste maal, miskien, in sy lewe, wat hy ooit in die Teenwoordigheid van Jesus gestaan het, en het nooit eens vergifnis van sy sondes gevra nie. Hy het nooit—hy het nooit die geleentheid benut nie.

54 O, hoe is dit nie vandag net so met mense nie. Baiekeer besef hulle—besef hulle dat hulle in Sy Teenwoordigheid is, en—en vra nooit vergifnis nie.

55 Wel, dit, hy—hy is miskien nooit 'n ander keer die geleentheid gebied nie, en het sy laaste geleentheid om vergifnis te vra van die hand gewys. Hoe kon hy dit ooit doen? Hoe kon hierdie seun ooit so ingeneem wees deur die bring van hierdie boodskap van sy meester, dat hy gefaal het, in die Teenwoordigheid van die Seun van God, om om vergifnis te vra? Dit was alles 'n besigheidstransaksie.

56 En, weet julle, dis ietwat soos die mense vandag. Kerk, Christus, het 'n—'n—'n besigheidsgeleentheid geword, of sosiale geleentheid, om by die kerk aan te sluit en net in 'n bietjie beter sosiale status te kom vir jou besigheid of iets. Jy staan 'n bietjie beter uit in die buurt. Dit is nie 'n ding van—van werklik kom en bekeer, soos 'n—'n sondaar behoort te doen nie. Baiekeer, in die kerk, word mense gebring reg in die Teenwoordigheid van Christus, en draai weg en doen so 'n roekelose ding as wat hierdie koerier gedoen het.

57 O, hy behoort op sy knieë te geval het, en toe hy die eerste keer besef het dat dit was Wie Hy was, en hy wat gesê het: "Meester, ek het 'n boodskap vir U, maar, eers, wil ek hê U moet my vergewe." Dit sou die regte benadering gewees het. En dan as daar enige besigheid is wat gedoen moet word, laat dit later gedoen word. Maar, ten eerste, kry sy eie siel reg by God.

58 Dis waarom ek dink so baie genesing word 'n mislukking of sogenaamde genesing. Omdat, die eerste plek, die mense nie gereed is vir genesing nie. Hulle wil nie hulle verkeerde dade bely nie. Die Bybel het gesê: "Bely julle foute teenoor mekaar, en bid een vir die ander." En ons is nie gewillig om dit te doen nie. As ons die genesing kan neem en voortgaan, en teruggaan en doen wat ons gedoen het, hulle sou dit aanvaar. Maar wanneer dit kom by regtig, eers, kom en regmaak met God, wil mense dit nie doen nie. En dis waarom dit 'n swak demper oor Goddelike genesing werp. Jy sien soveel mense wat so instap, en uitstap, en nie so maak nie. En God weet alles van daardie dinge.

59 Nou, hierdie kêrel het 'n werklik roekelose ding gedoen, sal ons dink. Ons sal dink: "As ek maar net sy plek kon inneem. As ek na Sy Troon sou kon gaan, en—en 'n boodskap neem, die eerste ding wat ek sou doen..." Wat sou jy doen, geïnteresseerd wees in wat jou organisasie jou gestuur het om daaroor uit te vind? Of, sou jy, rondgekyk het, om te sien hoe die Hemel versier is? Of, in Sy Teenwoordigheid, sou die eerste ding wees wat jy sou sê: "Here God, vergewe my, 'n sondaar"? Dit sou die regte ding wees om te doen.

60 Nou, soos Jesus na die seun gekyk het, en soos hy weggegaan het, kon in Sy gedagte opgekom het: "Waarom het daardie seun dit nie gedoen nie?" Was omdat hy nie bewus was Wie dit was nie.

61 Mag ek dit sê, nie ontheiligend nie. Mag ek dit sê, nie omdat dit hierdie byeenkoms of enige byeenkoms is nie. Maar ek dink dis wat vandag die probleem is. Mense is nie bewus daarvan nie. Hulle sien die Skrif presies geïdentifiseer, maar hulle is nie bewus van Wie dit is nie. Hulle sal iets sien, en hulle sê: "O, dit was wonderlik. Dit was goed. Ek—ek..." Maar jy's nie bewus van wat Dit is nie. As dit was, sou daar 'n bekering aan die gang gewees het, geween en gehuil. Die stad sou so 'n herlewing gehad het, totdat die helfte van julle opgesluit sou gewees het, voor die oggend, dis reg, as ons bewus sou wees van wat Dit is. En ons gaan verby, baiekeer, en mis die geleentheid, deur nie bewus te wees nie.

62 Ek dink nie die seun het werklik besef nie. Hy is grootgemaak onder hierdie Fariseër, wat 'n—'n—'n groot heerser, 'n prins, of—of godsdienstige man was. En hy is

grootgemaak by hom, en—en—en het net sy kant van die godsdiens aangeneem. En die Fariseër het—het vir Jesus gelag, en het met Hom gespot, of iets wat hulle gedoen het, soos hulle in daardie dag. En hy het dit net afgeskud; dit was niks behalwe "maar net 'n gewone boodskap" wat hy moes aflewer nie. Hy het net daar gesit. En hy was in Sy Teenwoordigheid, en dit was al wat dit vir hom was. Dit het niks vir hom beteken nie. Maar as hy bewus was; as daardie seun vandag uit die dood sou kon opstaan, en hierdie week in hierdie byeenkoms kon sit, sou hy iets daaromtrent gedoen het. Hy sou 'n getuienis gehad het wat ons almal sou geskud het. Maar hy was nie bewus nie.

63 Nou, in die toneel hier, is daar iets verkeerd. Dit is net nie. . . Dit is nie reg nie; soos wat Jesus daardie seun sien weggaan het, moeg en afgemat. Maar, die hele opset, daar is iets verkeerd. Daardie Fariseërs het Jesus gehaat. En waarom sou hulle Hom uitnooi as 'n eregas wanneer hulle Hom gehaat het? Daardie Fariseër het, soos die ou dobbelaar se uitdrukking, hy het iets in die mou gevoer. Hy het 'n troefkaart in sy mou gehad. Want, hulle het Jesus gehaat. Ek glo Jesus het dit besef, toe al. Sien, mense moet dinge in gemeen hê.

64 My moeder, sy het altyd 'n uitdrukking gehad: "Voëls van eenderse vere." Jy sien nie, jy sien nie aasvoëls en duiwe saamvreet nie. Hulle is—hulle is. . . Een is 'n aasvreter. En die duif sou nie die aasvoël se kos kon vreet nie, omdat hy geen gal het nie. Hy—hy sou dit nie kon verteer nie.

65 En jy sien nie gelowiges en ongelowiges saam nie, tensy daar 'n sekere doel daarvoor is nie. Daar is iets—iets verkeerd. Hierdie kêrel het iets in die mou gevoer. Hy wou Jesus bykom.

66 Nou, neem jy mense, soos neem jy jongmense, jong tienerjarige kinders, hulle hou nie daarvan om daar by die ou mense rond te wees nie, omdat hulle—hulle dinge in gemeen het. Die jong getroude pare, hulle het dinge in gemeen. Die ou mense, hulle wil nie soveel tussen die kinders wees nie. Hulle—hulle het dinge in gemeen.

67 Wanneer jy 'n dogtertjie heeltyd om ouma sien draai, nou, daar is—daar is iets verkeerd daar. Daar's te veel verskil in hulle ouderdom. Sy is óf ouma se witbroodjie, óf ouma het 'n sakkie lekkers êrens. Sien? Daar, daar's 'n—daar's 'n vangplek êrens. Ek het self 'n kleinkind, en ek weet. Daar's 'n vangplekkie iewers. Sien? En sien jy haar om ouma draai, het ouma 'n—'n sak lekkers of iets.

So hierdie Fariseër het iets in die mou gevoer.

68 Dit het alles gebeur by 'n predikersbyeenkoms waar hulle bymekaarkom. En die onderwerp is bespreek oor hierdie Kêrel Wat Homself 'n profeet noem. En hulle het nie geglo Hy is 'n profeet nie. Omdat, hulle kon nie sien 'n man, wat nie met

hulle wou saamgaan, al hulle doktrines, wat 'n profeet kon wees nie. En so, in hierdie predikersbyeenkoms, het hulle besluit dat Hy nie 'n profeet was nie.

69 En hierdie ou Fariseër sou dit vir hulle bewys, dat Hy nie 'n profeet was nie. Die Fariseër sou—sou—sou dit verseker, en om die gemeente te wys, al die mense in daardie stad, dat Hy nie 'n profeet is nie, voor Hy ooit die stad besoek. Hy was nooit tevore in daardie stad nie. So, voor Hy kom, gaan hy Hom ontmasker. O, daardie gees, dit leef steeds. Gaan Dit ontmasker, iets doen om die byeenkoms te belemmer wat Hy daar sou gehad het.

70 So ons vind uit dat hy gesê het: "Ek sal 'n maaltyd maak, en ek sal almal uitnooi, en almal in die stad, rondom kry. En dan sal ons bewys dat hy geen profeet is nie. Ons sal dit bewys."

71 So, Fariseër het dalk gedink dat, deur dit te doen, sou hy—sou hy 'n bietjie kry. . . miskien, na 'n ruk, een van die presbiters word, of iets. Hy sou—hy sou. . . Hy sou regtig 'n treffer wees in sy groep. Hy sou die spot dryf, op die banket, met die Here Jesus, om te bewys dat Hy nie 'n profeet is nie, Hom êrens blootstel. Dan sou hy 'n groot meneer wees onder hulle, een of ander groot man word.

72 Nou, ons vind uit dat die koerier terugkeer en sy meester vertel: "Ek het Hom gekry. Hy het belowe. En Hy sal hier wees, omdat ek net kan sê aan die manier wat Hy opgetree het. Hy, Hy sal hier wees." Goed.

73 Nou, die Fariseër het gewag vir hierdie sekere tyd. En hulle het geweet wanneer om hierdie banket te hou, wanneer alles net reg was. Miskien sal ons dink, in ons dramatjie vanaand, dat—dat hy dit gehou het in 'n tyd wanneer die druiwe ryp is. As julle ooit in Palestina was met druiwetyd, of selfs Kalifornië, wanneer daardie groot blokke druiwe net bloei, ryp, die hele landstreek, die vallei is net vol van—van daardie welriekende geur van daardie druiwe. Hy het net geweet wanneer om dit reg te hou. So, hy het daardie tyd bepaal, op 'n sekere dag sou hulle hierdie fees hê.

74 Totdat, uiteindelik, die tyd aangebreek het, was wanneer met die fees voortgegaan sou word. En hy het almal uitgenooi om te kom, wat hy kon, om soontoe te kom, al die hoëlui, en al die verenigings, ensovoorts, en al die klubs wat in die stad was, waaraan hy behoort het. Hulle sou almal uitkom na sy groot, mooi paleis toe. Dit het daar hoog gesit, het uitgestaan as 'n landgoed daar in die stad. En die tyd het aangebreek dat dit gedoen moes word. Natuurlik, die werf was versorg, en die tafels was geplaas, en die banketkamer gereed.

75 En toe, nou, hy sou die. . . sy gaste moes versorg, wanneer hulle kom. Enige gasheer sal dit doen. So hy moes 'n paar

staljongens huur, want sommige van sy gashere sou kom. . . of sommige van sy gaste sou op koetse kom, en party op muile ry, party loop. So enigeen wat 'n—'n. . . maak, 'n banket hou, moet gereed maak, om hulle gaste te vermaak. So Fariseër het alles mooi gereed gehad, en al sy diensknegte, en het hulle gereed gemaak, die staljongens gehad waar hulle die perde heen kon neem, en al die voer en goed gereed vir hulle.

76 En dan het hy 'n herbergier, of 'n deurwagter gehad, wat die uitnodigings moes opneem, want jy—jy kon nie kom tensy jy uitgenooi is nie. En om die uitnodigings op te neem, het hy hulle name daar gehad, wie dit ook al was wat daar gaan wees. En hulle het gekom, het hulle naam geïdentifiseer en so kan hulle inkom.

77 Dan, laat ons net kyk wat het, wat hulle moes doen, vir 'n rukkie. Ek was in die ooste, en miskien was baie van julle en het gesien hoe hulle dit doen. Dis—dis regtig treffend. En jy let op, dan, wanneer vir alles gesorg is, dan wanneer hulle by die deur inkom, die eerste ding, die—die deurwagter vra wie hulle is. En hulle sê wie hulle is. Hy kyk op sy lys, en hier is die naam, dan merk hy dit. Wat hy dan doen, hy neem sy staf, sit dit in die hoek. Die—die kêrels vat die perde, as hy geloop het. . . of as hy op die perd is, en sit dit in die stal.

78 Nou die volgende ding wat hy doen, hy gaan 'n portaal binne. En hierin is daar 'n klomp—klomp manne, wat genoem word, die voetewassers, die lakeie. Dis die laagsbetaalde werk wat daar is, is 'n voetewasbediende.

79 En om daaraan te dink, ons wat dink ons is iemand, en ons Here het Homself geïdentifiseer, op aarde, as 'n voetewasbediende. Dis presies wat Hy gedoen het. En dan dink ons ons is iemand. Ons loop hier weg skool toe en kry 'n bietjie geleerdheid, en laat. . . en leer om 'n paar groot woorde te sê. En kom terug en trek 'n—'n pak klere aan, en stap hier uit en wil genoem wees "doktor, eerwaarde," of iemand.

80 Ek was bo by 'n groot museum nie lank gelede nie, en het gekyk na party van die skatting van 'n man wat honderd-en-vyftig pond geweeg het, hoeveel chemikalieë daar in sy liggaam is. Weet julle hoeveel daar is wanneer hy heel bereken is? Hy's vier-en-tagtig sent werd. Dan sal hy 'n tiendollar hoed sit op 'n vier-en-tagtig sent, en 'n vyfhonderd dollar nertsjas, en jou neus optrek; as dit sou reën, sou dit jou laat verdrink. En gaan dan aan, versorg daardie vier-en-tagtig sent, reg, dink jy's iemand. En jy gee niks om nie, jy tree so op, vir daardie siel wat tienmiljoen wêrelde werd is nie. Die verskil, die roekeloosheid, hoe kan ons nie word nie!

81 Nou, hierdie voetewasbediende, hy moes hulle voete was. Nou, in die. . . Wanneer jy in Palestina gereis het, die Palestynse kleredrag is 'n kleed. Dit hang laag. En dan kom die

onderklere net tot omtrent by die kuit van die been, *hier*, vir die onderklere. En waar die—die diere en die mense dieselfde pad reis, die diere, natuurlik, gaan langs die pad, en—en—en waar—waar hulle dieselfde pad reis. En—en die stof sal opkom van waar die diere gewees het, en daar was 'n stank in die stof. En dit het op hulle voete beland wanneer hulle gesweet het. En hulle voete was in sandale geklee. En dit sou heel vol sweet raak, en—en nat wees, klewerig.

82 En dan sou hierdie stank van waar die diere die pad gekruis het. . . Die Palestynse kleredrag, wat soos 'n rok vee, laag af, sou hierdie stof optel. En dit sou *hier* onder beland, en oral oor hulle voete kom en oor hulle—hulle ledemate. En hulle het werklik geruik soos daardie—daardie pad waar die diere gewees het. So, om te kom in 'n huis in soos daardie Fariseërs gehad het. . . Hulle het Persië toe gestuur en daardie yslike groot mooi tapyte gekry, en—en alles. Wel, jy sou nie welkom voel, om in te kom voor die gasheer, en—en—en dan so heel onwelriekend te wees nie. So hulle het 'n manier gehad om daarmee te handel. Hulle het 'n voetewasbediende gehad, en hy het daar gebly.

83 En sodra jy ingekom het, en is jou naam aangeteken. Die kêrels het die perde of jou diere geneem, en hulle agtertoe geneem om hulle te voer, een groep kêrels. En dan het die deurwagter jou herken aan die kaart wat hy in sy hand gehad het. En dan is jy gereed vir die voetewasbediende.

84 Dan sou jy ingaan. Jy tel jou voet op. Hy trek die sandaal uit, sit dit weer op 'n plek, sodat hy sal weet waarby jy is. En aan hierdie kant, het hy 'n skoentjie. En na hy klaar is met jou voete te was, dit alles regtig goed afgewas het, al die stof en alles, jou verfris, dan trek hy hierdie lapskoentjie aan wat oorgaan.

85 Soos wat jy in vliegtuie en oorvlugte sien, nou oorsee gaan, gee hulle dit vir jou snags. Wanneer jy. . . Soos die vroue daardie klein goedjies het wat hulle dra wanneer hulle nie kouse dra nie. Ek sien my vrou en dogter en hulle kry hulle. Somtyds hulle. . . Dis 'n bietjie. . . Ek—ek weet nie wat hulle hulle noem nie, maar dis net soos die onderste deel van 'n sokkie, julle weet, en—en jy trek dit aan jou voet.

86 Dis iets van hierdie aard, net dis 'n bietjie hoër, want jy wil nie jou ou vuil sandaal neem en oor daardie tapyte loop daarbinne nie. So, dan, is jou voete gewas. Dan het jy gekry, die volgende ding wat plaasvind, jy het hierdie klein steweltjie, sal ek dit noem, aangekry.

87 En dan vind die volgende ding plaas, daar staan 'n man daar met 'n handdoek oor sy skouer, en hy het een of ander salf in sy hande. En dis 'n geparfumeerde olie. Nou, die direkte strale van daardie Palestynse son op jou nek, dit brand jou net blase. En

nog 'n ding, daardie stof wat opskop, kom somtyds in hulle baard en in hulle hare. En hierdie man staan dan hier, met salf. En hy hou dit uit, in hierdie pannetjie. Jy kry dit op jou hande en vryf dit aan jou gesig, en oor jou nek. Dan vat jy hierdie handdoek en vee dit af, en versorg jou hare. Nou soms . . .

88 Dit is baie skaars, want dit gee 'n—'n wonderlike geur. Hulle kry dit dikwels van hoog in die berge af, aan 'n wilde roosbos. Julle het al 'n roos gesien nadat die blomblare afval. Dan kry dit—dit 'n klein—'n klein appeltjie, soort van, daaraan. En daaruit, hulle pers dit en kry hierdie parfuum. Dit word gesê dat die Koningin van Skeba, toe sy na Salomo toe gekom het, baie van hierdie goeie parfuum daarvan gebring het, en dit vir Salomo gegee het. Baie skaars, so moeilik bekombaar in die berge.

89 En dan wanneer hulle dit smeer, hulle baard en oor hulle nekke, en met hierdie handdoek, hulleself versorg, nou's hulle gereed om—om die gasheer te ontmoet, om die een te ontmoet wat hulle genooi het. Sien? Hulle sou nie reg gevoel het, om in te gaan met al daardie vuilheid nie. Dis waarom voetewas. Sien? Hulle—hulle—hulle het sleg geruik en hulle moes hulle voete laat was. En met daardie groot ou swaar sandale op daardie mooi tapyte, sou hulle nie reg voel nie. Hulle sou verleë voel. Maar nou is sy voete gewas, en nou is hy heel versorg. Hy ruik na hierdie parfuum wat aan hom is, van hierdie salf, wat hulle noem "hulle hoof salf met olie," en dit smeer aan hulle gesig, dit dan met 'n handdoek afvee. Nou's hy verfris.

90 Nou, die volgende ding wat hy doen, hy ontmoet sy gasheer, die een wat hom genooi het. Hy voel daarna om hom te ontmoet. Nou, hy sou nie daarna gevoel het om hom te ontmoet, met al daardie vuil aan hom nie, so hy's nou heel versorg en gereed.

91 Dan ontmoet die gasheer hom by die deur, en hulle het 'n baie snaakse manier. En dit is steeds in sommige van die kerke, 'n groet met 'n kus. So hulle vat 'n hand, op *hierdie* manier om, omhels mekaar, mans, met—met hulle arms om mekaar, *so*, en soen mekaar op die nek. En wanneer die gasheer jou soen, is jy welkom. Dis die verwelkomingskus. Nou, jy sou nie jou gasheer jou wou laat soen met al daardie ou vuil en goed aan—aan jou nie, so moet skoongemaak word voor jy welkom gekus word. Maar, o, wanneer jy eenmaal welkom gekus is, is jy 'n volbloed broer. Dis al. Jy sou kom, vandag, al ding wat jy kan doen, soos vandag, sou jy in 'n huis ingaan, en jy voel tuis. Jy's een van hulle. Hy het jou welkom gekus.

92 Onthou Judas het Jesus gesoen, sien, skynheiliglik? Sien? Omdat, as hy hom gesoen het, was dit 'n verwelkoming. Dit was 'n vriendsoen, nie op die lippe nie, maar op die nek, het hulle op die nek gesoen.

93 Nou, ons let dan op, dat jy kon ingaan. As jy na die yskas toe wil gaan, dit sou vandag wees, en vir jou 'n yslike groot toebroodjie vat, en oor die bed lê en dit eet, maak jouself net tuis. "Jy is welkom. Kom binne." Dis, jy's nou reg. Jy voel nou net een van die familie, omdat jy aan die binnekant is.

94 Nou, jy kry dit alles gedoen, en gesalf, en alles gereed gemaak. Jy word welkom gekus. En dan gaan jy in, skud hande, dan, by die banket. Jy ontmoet jou vriende. Die gasheer het jou al binne gesoen, en dus is jy—is jy nou vry. Jy voel net asof jy een van hulle is. Jy was genooi. Jy's skoongemaak. Jy's welkom gekus, en nou is jy een van hulle. Gaan in en hou jou gemeenskap.

95 Nou, teen omtrent hierdie tyd, stel ek my voor, kon die gebraaide Lam daar in die braaivleisput aan die agterkant, net oral rond in die omtrek geruik word, met daardie druiwe en dinge. Jy sou jou die arm mense kon voorstel wat om die heining staan, hulle monde wat water. Hulle is nie ingenooi nie; net die hoëlui, hiernatoe. So die—die fees was nou goed aan die gang. Alles gaan goed aan; vol, goed aan die gang.

96 Nou, ek sou my voorstel Fariseër en sy, al sy vriende, kantel die glas, een na die ander, neem 'n goeie gesonde drankie, en van die allerbeste wyne wat daar in Palestina was op daardie tydstip. Want, hulle was ryk, hulle kon dit bekostig. En hulle, almal, die vroue, hulle mooi juweelbeklede vroue, was oorkant in die hoek, het hulle gemeenskap gehou, sit rond op divans ensovoorts, soos 'n gewoonte was in daardie dag. En die mans, almal op om hulle heildronke te neem, en gesels, en die priester, en al die rabbi's, en alles, geniet die geleentheid. En die—die—die fees is heel goed onderweg.

97 En dan Jesus, alhoewel besig soos Hy was, en Sy besige skedule, kom Hy altyd Sy afspraak na. Jy kan daarop staatmaak. Hy kom sy afspraak na.

98 Nou laat ons inkyk in die kamer en sien wat aan die gang is. Ek kan Fariseër daar sien sy glas lig en sê: "Rabbi, weet jy wat?" En die groot geselskap gaan voort, die sakemanne praat oor hulle besigheid en alles. Die banket is in—banket is nou in volle swang, hierdie groot fees.

99 Maar, kyk, wat oorkant teen die muur sit, onopgemerk, is Jesus. Hy het Sy afspraak nagekom. Hy het gekom. Hy hou altyd Sy Woord. Al Sy beloftes, vervul Hy. Maar kyk na Hom. Hy sit daar oorkant, vuil. Ek haat dit om dit te sê. Dit maak my dood om dit te sê. Maar, Sy voete was vuil. Hy was nie gesalf nie. Hy is nie welkom gekus nie, al was Hy uitgenooi.

100 Dis soos sommige van ons moderne herlewings. Die Fransmanne noem Hom: "Jésus, Jésus met vuil voete." Sou julle julle dit kon voorstel? Hy is genooi en Hy het gekom. En daar is Hy, en het op 'n manier ingekom, en onopgemerk. Hy

sit oorkant soos 'n muurblom. Hy was daar net so uit plek uit, soos Hy is, in sommige van ons moderne herlewings, bankette, sogenaamde godsdienstige samekomste.

101 Hy was uit plek uit. Niemand het enige aandag aan Hom gegee nie. Hulle was te besig met ander dinge, al was Hy uitgenooi. Maar, Hy was nie welkom toe Hy gekom het nie.

102 Wat het geword van daardie voetewasbediende? Hoe het hy ooit daardie geleentheid laat verbygaan? Ek wens dat ek sy geleentheid gehad het. O, goeiste! As ek geweet het Hy sou kom, sou ek daar vir Hom gestaan en wag het. Ek—ek sou gereed gewees het daarvoor. Hoe het hy dit gedoen? Nou, laat ons hom nie te veel veroordeel nie, want ons sou dieselfde ding kon doen en dit nie weet nie. Sien? Hy het Hom gemis. O, goeiste!

103 Let op, Hy kom vandag ook, op ons oproep. Hy kom in ons midde. Ek wil dit nie sê nie, maar ek moet dit sê. En in ons midde, word Hy verstaan onder ons, wat daar net so vuil sit, vir die mense, as wat Hy toe was, dis presies reg, noem Hom "holy-rollers" en wat nog. En tog roep ons om 'n herlewing. En Hy kom. En wanneer Hy wel kom, behandel ons Hom soos hulle toe gemaak het.

104 Iemand staan op in die Gees van God, roep "amen," of skree dit uit, of so-iets, wanneer Jesus verbykom. Wel, die. . .Hulle word uit die kerk uitgesit. Wel, hulle dink dis 'n vreeslike skande, om die kerk in die skande te steek, die mense in die skande te steek. Wanneer, dit Jesus Self is wat verbykom.

105 En ons kan Hom sien kom en Sy Woord identifiseer en doen net soos Hy toe gemaak het, en vandag sê hulle: "Dis fortuinvertellery, verstandelike telepatie, of een of ander bose gees" Voor die mense, is Hy net so vuil as toe Hy daar gesit het: Jésus, die Woord van God. En ons doen niks daaromtrent nie. Ons is te geïnteresseerd in ons organisasie of ons—ons sosiale status. Ons is skaam om op Sy Naam genoem te word. Ons skaam ons werklik vir Hom.

106 Hulle het hulle vir Hom geskaam omdat Hy vuil was. Die gaste het Hom nie geken nie. En hulle het hulle vir Hom geskaam omdat Hy vuil was.

107 Dis hoe dit vandag is. Hulle skaam hulle steeds vir Hom, omdat hulle al die vullis wat hulle kan Daarop ophoop, noem dit "holy-rollers" en enigiets anders waaraan hulle kan dink. Niemand doen iets daaraan nie. Daar sit Hy, vuil voete, muurblom by die partytjie, muurblom in 'n godsdienstige byeenkoms. Uitgenooi, ons vra Hom om te kom vir 'n herlewing. Wanneer Hy kom, behandel ons Hom net soos hulle daar gedoen het. Hy kom, en identifiseer Homself, maar niemand wil iets met Hom te doen hê nie.

108 "As Hy een of ander soort toertjie kon doen, of—of—of een of ander soort van 'n—'n wonderwerk." Soos Hy voor Pilatus gemaak het. . .Pilatus, sy enigste geleentheid wat hy ooit gehad het, en hy het Hom gevra, wou iets gedoen gesien het, wou gehad het: "Laat ons 'n teken sien." Hy moes bely het.

109 Dis wat hierdie wrede wêreld, op pad hel toe, vanaand, behoort te doen, is hulle bekeer van hulle sondes. Dis wat hierdie kerklidmate behoort te doen, hulle te bekeer van hulle ongeloof. Staan op vir Hom. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. En Hy identifiseer Homself net soos Hy toe het. En die mense neem vandag dieselfde houding in as wat daardie Fariseër ingeneem het, dieselfde soort houding; laat Hom sit, nadat Hy uitgenooi is. Tog, wil hulle Hom nie hê nie. Hulle doen dit net, soos, uit ordentlikheid. Hy weet dit.

110 Ons doen aan Hom, vandag, net soos hulle toe gemaak het; in plaas van Hom te was, (Sy) oneer weg te was, in plaas van te probeer opstaan, te sê: "Julle maak 'n fout. Dis die Woord van God wat gemanifesteer word. Dis wat Hy beloof het. Hy het gesê Hy sou die Gees uitstort in die laaste dae. Ons lewe in die laaste dae." In plaas daarvan, sit ons net soort van terug soos hulle het. Ons is bang om 'n standpunt in te neem.

111 Wat as een van hulle sou opstaan en sê: "Dis Jesus van Násaret. Ek glo Hy's 'n profeet van God"? Ken julle die rede waarom hulle dit nie gedoen het nie? Omdat hulle nie geglo het Hy was 'n profeet nie.

112 En hulle glo vandag nog steeds nie. Hulle dink Hy's 'n opvoeder. Hulle dink Hy's 'n denominasie. Hulle weet nie Hy's steeds 'n profeet nie. Dis waarvoor hulle Hom daar gehad het, te bevraagteken. Dis dieselfde ding waarvoor Hy vandag bevraagteken word. Niemand is bereid om vir Hom op te staan nie. Hulle sê net: "Wel, ek het niks met Hom te doen nie. Sien? Ek behoort aan die kerk. Daar's my pastore, hulle almal, wat hier rondsit. Ek's 'n goeie persoon." En Jésus met vuil voete; niemand het omgegee nie. Die einste Bybel. . .

113 Nou staan ons nader en skud hande, sit ons naam op die boek. En die—die Metodiste, as hulle ons nie wil hê nie, sal ons ons oorkant na die Baptiste wend. Skop hulle ons uit, sal ons na die Nasaréners gaan. Skop die Eenheid ons uit, gaan ons na die Tweeheid. Skop die Tweeheid ons uit, gaan ons na die Drieheid toe. Ons hoef ons met niks daarvan op te hou nie. Ewe styf. Dis maar net dieselfde manier. Ons. . .

114 En wanneer Jesus kom, herken ons nie eens nie. Ons gee nie om nie. Dis soos hulle maak. En tog roep ons uit: "Kom, Here Jesus. Kom, Here Jesus." En Hy kom. En wat doen ons? Net wat hulle gedoen het. Waarom? As hulle enigiets sê, Dit aanvaar, hoor iemand anders daarvan, sal met hulle gespot word. En hulle laat Hom sit, vuil. Dit word genoem: "'n bose gees."

115 Onthou julle, Jesus het vir hulle gesê, eendag, toe hulle gesê het: "Hierdie Man doen dit deur Beëlsebub," het Hy gesê: "Julle dit teen My sê, sal dit vergewe word. Maar eendag sal die Heilige Gees kom, om dieselfde ding te doen, en, een woord Daarteen, sal nooit vergewe word nie." Sien? Daar het ons dit. Jésus met vuil voete. Kan julle julle dit voorstel? Kan julle julle voorstel, mense wat aanspraak maak daarop om God lief te hê, en so verstrengel geraak het in hulle geloofsbelydenisse, en hulle denominasies en ismes?

116 Jesus het gesê: "Julle tradisies, julle maak dat die Woord van God geen effek het nie." Daar was Hy, daar, en die Woord was in werking, want dit het vlees geword, en presies bewys dat Hy die Christus was. En die mense met hulle tradisies, wou Dit nie op die ander mense effek laat hê nie. Dis wat Hy gedoen het, het Dit probeer uitwys. En, sien, hulle het nie geglo Hy is 'n profeet nie.

117 En, tog, het die Bybel gesê Hy sou 'n profeet wees. Die Bybel, Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n profeet laat opstaan," Deuteronómium 18:15. En die Bybel het voorspel presies net wat Hy sou doen. En hier kom Hy, doen dit onder daardie mense.

118 En vandag los ons Hom met net so 'n vuil naam as wat Hy toe gehad het; laat hulle dinge Daarteen sê. "En die dae van wonderwerke is verby. Daar's nie so-iets nie," wanneer die Bybel gesê het Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. En ons is steeds skaam om uit te staan en iets Daaroor te sê. Ons skaam ons vir ons getuienis wat ons—ons sê ons glo. In plaas van Hom te was, Hom te probeer was met vreugdetrane, omdat Hy hier is, laat ons Hom net sit, vuil. "Ek wil niks Daarmee te doen hê nie. Ek werk nie saam met So-iets nie, plaas nie my hand Daarop nie." Sien?

119 Daar het julle dit. Dis dieselfde klomp Fariseërs, net onder 'n ander naam. Ons laat Hom weer so sit, om dieselfde rede, ons glo nie Hy's 'n profeet nie. Ons skaam ons Daarvoor. Waarom? Dieselfde rede. Ons glo Dit nie. Die mense glo dit nie. Nee, meneer.

120 Hy kan kom, doen wat Hy ook al wil; hulle hou voet by stuk, en dis nie nodig om met hulle deurmekaar te raak nie. En weet julle, die Bybel het gesê hulle sou so wees. Presies. Die Bybel het gesê hulle sou so wees: "Louwarm, vorm van godsaligheid, en het nie die krag daarvan nie." Sien? Dis reg.

121 Ons sluit aan by hierdie opvoedkundige, blinkgevryfde groep wat daar staan, en het ons groot sosiale byeenkomste en tye, en ons mooi kerke en mooi versierings. Dan kan Jesus Christus inkom, en jy laat Hom vuil bly. Die Woord kan gemanifesteer word onder ons, en ons stap steeds rond, laat mense Daaroor praat. O, goeiste!

122 Maar, weet julle, om op te skud met ons storie, laat ons die toneel vanaand verander. Laat ons ons kameras ander pad draai; daaronder in die steeg, 'n ou vuil stegie, daar bokant in 'n ou kamertjie wat met 'n grendel toe was. Die deur gaan oop, en 'n vrou stap uit. Wel, sy was nie baie bemind onder die mense nie. Sy was 'n sondares, en sy het haar lewe op die verkeerde manier gemaak. So sy stap uit, met die ou krakende trappies af. Sy kom in die steeg. En sy gaan daar af, al langs die vuilgoedblikke, en gaan uit op die straat.

123 Wel, daar's niemand daarbuite nie, so sy begin wonder wat's. . . "O, ek onthou. Fariseër daarbo, Pastoor Fariseër, hy gee 'n groot banket. Almal is daarbo. Besigheid sal vandag swak wees." So, sy beweeg straat af. En soos sy begin stap en sê: "Wel, ek sal maar moet wag dat dit verby is." En sy het haar lewe op 'n slegte manier gemaak. So, sy het in die straat afgeloop.

124 En na 'n ruk, het haar ou honger magie daardie gebraaide skaap geruik. Sy het gedink: "Goeiste, dit ruik lekker! Het nooit so-iets te ete gehad, in my lewe nie." Miskien uitgestoot gewees, op straat, toe, deur sommige ouers.

125Weet julle, baiekeer dink ons aan jeugmisdadigheid. Ek dink 'n groot deel daarvan is ouermisdadigheid. Die kinders is geleer om te bid om God te dien; in plaas daarvan mamma uit êrens by 'n kaartpartytjie, en haar godsdienstige kaartpartytjie; en pa uit op 'n golfbaan êrens; en suster uit met junior, daar op straat, aan die rondloop. Miskien sou dinge anders gewees het as hulle die outydse gebedsaltaar gehad het, die Bybel in plaas van 'n pak kaarte. En daardie televisie by die deur uitgegooi het, lank gelede, en dit kon baie anders gewees het. Julle almal, was altyd verkeerd gewees om na die bioskoop te gaan. Die Duiwel het ons lekker gekry. Hy het dit sommer in hulle huis gebring. Sien? Sien?

126 Sy was honger. Sy't dit geruik. Sy het gesê: "Goeiste! Dit ruik lekker. Wonder regtig hoe 'n stukkie gebraaide Lam regtig sal smaak in 'n mens se mond? Ek—ek weet nie hoe dit sal wees nie. Ek glo ek sal net naderstap."

127 Nou, sy kon nie te na aan hulle kom nie, omdat sy 'n besoedelde vrou was. Hulle was eiegeregtig, julle sien. Hulle het almal aan die kerk behoort. So, hulle kon nie daarrond kom waar hulle was nie. Sy is as 'n sondares beskou.

128 So, soos sy nadergeloop het, en om rond te kyk, hulle almal daar te sien staan, en hulle monde wat water, soos hulle hulle vergaap het, julle weet, en kyk na hierdie ram, of lam, wat daarbinne braai. En al die lekker kosse en dinge wat daarrond gepak is. Watter groot geleentheid!

129 En sy begin so deur die skare kyk, en haar oë het op Hom geval. "Wie is Dit? Hy het vuil voete. Wonder Wie dit. . . Waar is iemand wat my sal sê? Sê, sal jy. . . " Draai heel vinnig weg,

wil niks met haar te doen hê nie. Sy is 'n sondares. So, het iemand anders gevra, uiteindelik, miskien 'n dametjie wat geglo het en in dieselfde rigting gekyk het. Het gesê: "Mevrou, sal . . . Verskoon my. Maar sal jy . . . Wie is dit wat daar sit? Hoe het Hy . . . daardie persoon."

130 "Wel," het hulle gesê: "jy weet Wie is dit? Het jy hulle hoor praat van daardie Jesus van Násaret, veronderstel om 'n profeet te wees?"

"O, ja. Uh-huh. Is dit Hy?"

"Dis Hy."

131 "Wel, Hy is nie gewas nie. Ek het verstaan dat almal veronderstel is om gewas te word voor hulle daar inkom, en gesalf. Kyk na Hom. Wel, dis nie reg nie."

132 Daar is vir haar 'n geleentheid gebied. Sy het 'n storie onthou wat iemand haar vertel het. 'n Ander vrou met haar beroep, eenkeer, daar in—in Samaria, die stad Sigar, is vir elke sonde vergewe. En sy het besef dat dit vir haar 'n geleentheid kon wees. So nou hoe gaan sy nou by Hom uitkom? Sy het gesien Hy was behoeftig, en sy wou Hom dien, en kon nie by Hom uitkom nie. Dis omtrent soos dit is. Toe het sy gedink: "Wat kan ek doen? Hy het geen salwing nie. Sy voete is vuil. Niemand gee enige aandag nie. O, as ek maar net daar kon inkom!" Dis die ware berouvolle hart. "As ek maar net daarby kon uitkom!" Nou, dink sy, kry . . .

133 Iets kom in haar gedagte op. "Weet jy wat ek dink ek sal doen? Ek weet."

134 Straat af gaan sy, net so vinnig as sy kan, af deur die stegie, teen hierdie ou krakende trappies op, en maak die deur oop. Gaan daarin en kry 'n—'n kous se bokant, julle weet, en trek dit uit, tel hoeveel geld sy het. Sy het gesê: "Ek, is dit genoeg om 'n bietjie salwingsolie te koop? Kom ons kyk of dit is. Daar is twintig Romeinse Denarii-stukke. Miskien is dit genoeg. Maar wag, ek kan dit nie doen nie. Hy's 'n profeet, en Hy sal weet waar ek daardie geld gekry het. Hy sal weet hoe ek dit gekry het. Ek kan dit net nie doen nie." So, miskien het sy dit weer teruggesit.

135 En toe sy dit teruggeplaas het, het daar iets met haar hart bly praat. "Maar sal jy Hom daar so vuil laat sit? Sal jy die enigste Mens wat jou sonde kan wegneem, vuil laat sit, wanneer jy vir Hom 'n diens kan verrig?"

Toe sê sy vir haarself: "Of Hy weet of nie, ek gaan."

136 En sy het straat-af gegaan en in 'n winkel ingeloop waar daar 'n ou haakneus-kêreltjie daarbinne sit. "En, wel, wat wil jy hierbinne hê?"

137 Sy het gesê: "Ek wil die beste albastesalf hê wat jy het. Nie die goedkoopste nie, ek wil die beste hê." Sy het 'n spesiale rede gehad.

138 En dis wat ons behoort te doen. Ons behoort vir Hom ons beste te gee, alles wat ons is, ons jong lewe, nie wag tot ons oud en sterwend is nie. Gee die beste wat ons het, vir Hom.

139 En daar het sy die heel beste bekom. Hy het nadergegaan, gesê: "Laat ons sien hoeveel geld is dit. Het jy die geld, eerstens." Hy het haar ook geken. So hy het gesê. . . Ja, sy het die geld gehad. "So, waarheen gaan jy hiermee?"

"Ek het dit vir 'n spesiale geleentheid."

140 So, gaan sy soontoe. Nou, sy het geen uitnodiging nie. Maar hoe gaan sy inkom? Maar, op een of ander manier, as jy vir Jesus 'n diens wil verrig, sal Hy 'n weg vind vir jou om in te kom. Op een of ander manier, het sy ingekom.

141 En daar het Jesus nog steeds daar gesit. En sy het toevallig gedink toe sy daar ingekom het, haar hart het regtig vinnig geklop: "O, goeiste! Wat as Hy my sou wegwys?" Daar's 'n klomp dinge om aan te dink. "Wat as Hy hierheen sou kom en sê: 'Sê, jou slegte vrou, wat maak jy hier in My Teenwoordigheid? Weet jy nie dat Ek die Seun van God is nie? Jy behoort nie hier in My Teenwoordigheid te wees nie'?" Haar hart het amper gaan staan. En sy het gedink: "Wat kan ek doen? Maar ek moet by Hom uitkom. Ek kan nie hierdie keer oorslaan nie. Dit kan die laaste geleentheid wees wat ek sal hê." En dit kan joune ook wees.

142 Het afgekyk, en haar hart het begin opswel. Sy—sy het geweet sy is in Sy Teenwoordigheid. Daar gebeur iets wanneer jy in Sy Teenwoordigheid kom. Sy het opgelet die trane begin van haar wange afrol. En sy het daar gestaan, bewend, met hierdie doos in haar hand. En—en sy het aan Sy voete neergeval. En sy het gedink: "Ek kan nie opkyk nie. Ek is so skuldig en vuil, ek kan nie opkyk nie." Toe het sy begin huil. Hulle het op Sy voete begin geval. En sy het hulle begin was, *so*, met haar hande; vee, probeer die trane van Sy voete afvee, en was Sy voete met haar trane. En na 'n ruk. . .

143 Sy het nie 'n handdoek gehad om—om Sy voete mee af te vee nie. So, haar hare het afgehang, en sy begin Sy voete afvee met die hare wat op haar hoof was.

144 Sal ons susters nie sukkel om dit te doen nie? Hulle sal op hulle kop moet staan om dit te doen. Sien? Sekerlik. Uh-huh. Ons susters, vandag. Wonder of, julle, wonder of die vroue besef dat God Sy hele belofte nakom. Ek wonder of julle besef dat dit totaal onmoontlik vir julle is om so in te kom. Hy hou al Sy beloftes. Besef julle wat julle doen wanneer julle dit doen? Julle ontken deug. Die Bybel het gesê, dat: "As 'n vrou haar hare afgesny het, was dit selfs ongewoon vir haar om selfs te bid. En sy doen haar man oneer aan, deur so te maak."

145 En onthou, dit was 'n vrou wat een gebod van God verbreek het, wat dit alles dit laat doen het. Dink julle een wat

een verbreek, sal weer inkom? Dink daaraan. Miskien, somtyds, het predikers nie genoeg moed om julle te sê nie. Dit is eenkeer dat julle dit gaan hoor. Dis die waarheid.

146 Iemand het gesê: "Waarom los jy nie daardie vroue uit nie?" 'n Groot man het my dit gesê, nie lank gelede nie. Het gesê: "Wel, hulle glo jy's 'n profeet. Leer jy hulle hoe om die Heilige Gees te ontvang, en hierdie yslike groot dinge te kry, en hoe om—om profete te wees," ensovoorts. Ek het gesê . . . "Leer hulle groter dinge."

147 Ek het gesê: "Hoe kan ek hulle algebra leer wanneer hulle nie eens hulle ABC's wil leer nie?" Dit wys. Die buitekant vertoon wat aan die binnekant is. Maar julle gaan voort, doen dit, in elk geval. Waarom? Julle is nie bewus daarvan nie.

148 Daar was sy. Met haar hare, sy begin Sy voete daarmee afvee, en Sy voete afdroog. Sy was doodbang. En na 'n ruk, het sy hierdie bottel salf opgetel, en sy het dit gebreek, en sy het dit probeer kap en dit breek. En gooi dit op Sy voete uit. En sy het gehuil. En elke keer wat sy huil, sou sy afbuk en Sy voete soen. Sy het histeries geraak.

149 Wanneer jy in Sy Teenwoordigheid kom, maak dit jou histeries. Ek het histeries geraak. Enige mens wat ooit in Sy Teenwoordigheid kom, wat Hom glo en geloof in Hom het, dit sal jou histeries maak. Op die Pinksterdag, toe Hy in die vorm van die Heilige Gees gekom het, het hulle histeries geraak. Wanneer jy werklik glo, en jy weet en besef dis jou geleentheid, en jy's in Sy Teenwoordigheid, is jy seker daarvan.

150 Sy het gegaan [Broer Branham maak soengeluide—Red.] soen Sy voete, en huil, en was, en vee af, en [Broer Branham maak soengeluide—Red.] en soen weer Sy voete. Julle weet, Jesus, as Hy een voet sou beweeg het, sou sy opgespring en daar uitgehardloop het. Maar, julle weet, Hy het net gesit en haar dit net laat doen.

151 Weet julle, as jy iets wil doen, want Hy laat jou dit doen. Dit mag heel buite orde wees, maar Hy sal jou dit laat doen, in elk geval. Sien? En Hy . . .

152 Dit het Hom 'n diens bewys, en sy het Sy voete gewas. En Hy het net daar gesit en na haar gekyk. Sy was bang om op te kyk, want bang Hy sou haar laat skarrel. En, sien, sy was Sy voete aan die was. Is geleentheid om iets vir Hom te doen. En sy was net . . . Nou, sien, en wanneer Hy . . .

153 Toe Jesus die Fariseër geantwoord het, het Hy haar geregverdig deur haar werke. Maar toe Hy haar teenoor haarself geregverdig het, het Hy haar geregverdig deur haar geloof: "Jou geloof het jou gered." Hy het die Fariseër gewys wat haar werke was.

154 Want, jou werke wys jou geloof. Nou laat julle hare uitgroei. Huh! Sien? Goed. Nou, sien, dit wys wat jy glo, of nie.

Dis God se Woord. Daar is geen Skrif in die Bybel nie, of dit is die Waarheid. Waarom doen julle dit? Nou let op, te veel Hollywood in Pinkster, dis wat die probleem is. Nou vind ons uit. Dis die Waarheid. Dis net te veel Hollywood. Julle kyk na hierdie dinge en skoei julleself op daardie lees.

155 ’n Dame het vir my gesê, nie lank gelede nie, sy het gesê: klein ou stywe rokkie aan. Ek het gesê: “Waarom trek jy dit nie uit, as ’n suster nie?”

156 En sy het gesê: “Wel, Broer Branham, hulle maak nie enige ander klere nie.”

157 Ek het gesê: “Hulle maak naaimasjiene, en hulle het materiaal. Sien? Jy wil net.”

158 Ek sê julle waarom. Laat ek julle vertel, susters. [Gemeente gee applous—Red.] Uh-huh. Dankie. Een van hierdie dae sal julle moet antwoord vir egbreuk pleeg.

159 Julle sê: “Wel, Broer Branham, ek’s net so rein teenoor my man as kan wees.” “Ek’s so rein teenoor my kêrel.” Dit mag ook so wees.

160 Maar Jesus het gesê: “Wie ook al na ’n vrou kyk, om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.” En as jy jouself daarbuite voorgestel het, en daardie sondaar dink dit oor jou, omdat jy jouself voorgestel het; op die Oordeelsdag, wanneer hy verantwoording doen vir egbreuk pleeg, wie is skuldig? Dink daaraan. Uh-huh. Dis presies reg. O, vroue, keer terug susters, kom terug na Christus; broers, doen julle dieselfde. En julle mans sal julle vrou dit laat doen, en noem jouself ’n man, die hoof van die huis? Uh-huh. Let op. Ons is in ’n vreeslike tyd, vriend, en ons let op.

161 En hier het hierdie vroutjie Sy voete gesoen, en Sy voete gewas, en afgevee met die hare van haar hoof. En meteens, ou Fariseër, daar oorkant in die hoek, hy het dit toevallig opgelet. O, goeiste! Sy geregverdigde verontwaardiging het opgevlam, en sy—sy groot ken het uitgeswel, en sy gesig het gelyk na bars. “O, goeiste!” Hy het gesê: “Kom hier. Kyk hier. Kyk daaroorkant.”

162 En hy het nou in sy eie hart gesê, in sy—in sy gedagte, het hy gesê: “As daardie man ’n profeet was, sou hy geweet het watter soort vrou hom aangeraak het.”

163 Kyk of Hy ’n profeet is, of nie. Sien, Hy het die gedagtes wat in sy hart was waargeneem. En meteens, het Hy beweeg. En die vroutjie het opgestaan, om op te kyk, haar oë starend. Hy het oorkant toe gekyk, en Hy het gesê: “Simon,” het Hy gesê: “Ek het iets om vir jou te sê.” O, goeiste! “Hier is jy, Simon. Ek het iets om vir jou te sê. Jy het My hierheen uitgenooi. Ek het gekom op jou uitnodiging. Jy het My uitgenooi. En toe Ek by die deur kom, het jy nooit My voete

gewas nie. En toe Ek ingekom het, het jy nooit My hoof gesalf nie. Jy het My laat inkom, vuil. En jy het My nooit welkom gekus nie, al het jy My genooi. Maar hierdie vrou hier, laat sy wees wat sy wil, sy het My voete met haar trane gewas. Sy het hulle afgevee met die hare van haar hoof. En sy het My voete gesalf, en My voete voortdurend gesoen vandat sy daar gelê het." Hy het uitgevind of Hy 'n profeet was, of nie.

164 Toe het Hy gesê: "Simon, Ek wil hê jy moet na iets kyk." Hy het gesê: "Watter soort. . .Ek wil jou 'n raaisel gee." Het gesê: "Wanneer baie vergewe is, word baie liefgehê." En Hy het hom die gesegde gegee. En Simon het Hom terug geantwoord.

165 Let op. Simon het Hom niks gegee om Sy voete mee te was nie, maar Hy het die beste water gehad wat daar kon wees. Dink net, die trane van 'n bekeerde sondaar was die vuilheid van Jesus se voete af; trane van 'n sondaar se oë was die vuilheid van Sy voete.

166 O, manne en vroue, vanaand, wanneer julle die smaad op die Evangelie sien! En ons is so styf, dit sou al die grimering van ons gesig afneem as ons 'n traan sou huil; en ons lyk verskriklik, om op straat te kom. Wat gaan julle doen wanneer julle voor die poorte van die Hemel daar oorkant te staan kom?

167 En daar was sy. Sy het Sy voete gewas, het Sy voete gesoen, en sou Hom salf, en enigiets doen wat sy kon, omdat sy vergifnis wou hê. En meteens, het sy—sy gewonder wat gaan Hy nou doen.

168 Hy het vir Simon gewys, en dit het op hom geboemerang. Die ding dat hy gesê het: "Hy is nie 'n profeet nie," is bewys dat Hy 'n profeet is, dat Hy die Woord van God is. Nou, staan hy daar met sy gesig opgeswel. Hy sou daardie vroutjie kon gryp, haar by die kerk uitgegooi het.

169 Maar sy het gekry waarvoor sy gevra het. Amen. Maak geen verskil wat die res van hulle gesê het nie. Sy het gekry waarvoor sy gevra het.

170 Nou draai Hy na haar toe. Haar ou hartjie begin regtig vinnig klop. Nou wat gaan Hy sê? Daar is sy. Al haar pragtige krulle het hier onder op haar middel gehang. En haar—haar oë was betraand. En haar gesig en lippe was vetterig, waar sy Sy voete gesoen het, nadat sy daardie olie op Hom gesit het. Sy lyk sekerlik bemors. Maar daardie groot oë, kyk om te sien wat gesê gaan word.

171 Hy het gesê: "En Ek sê vir haar: al haar sondes, wat baie is, word haar vergewe." Dit is dit. "Al haar sondes word haar vergewe."

172 Dis wat ek wil hoor. O, dis die woorde wat ek wil hê. Ek gee nie om wat die res van hulle sê nie. Ek is gereed om in sy denominasie te staan, te verklaar dat Hy die Woord van God is.

Ek gee nie om wat hulle sê nie. Laat hulle enige vuilheid Daarop plaas wat hulle wil, sê: "'n Gedagteleser, 'n fortuinverteller," wat hulle ook al wil. Ek is gereed om die smaad van Hom af te soen. Dis Sy Woord. Sekerlik. Hy het dit belowe. Hy is die Woord vandag net soveel as wat Hy toe was. Hy het so gesê.

173 Nou, vriend, daar sit dalk mense hier wat nie kan saamstem dat Hy die Profeet is nie. Jy stem dalk nie saam dat Hy die geneser is nie. Maar daar's een ding waaroor elke kerklidmaat behoort saam te stem, Hy's die Verlosser.

174 En ek wil dit sê voor ons afsluit. Nie lank gelede nie, het 'n prokureursvriend van my 'n saak aangehoor van 'n man en vrou wat sou skei. Die prokureur was 'n goeie Christelike heer. Hy het gesê: "Moenie—moenie skei nie." Hy het sy bes probeer om hulle daarvan te weerhou. Maar, nee, hulle was vasbeslote hulle gaan dit doen. Iets het tussen hulle gekom. En na 'n ruk, het hy gesê: "Wel, as julle die huis daaronder het, moet julle liewer gaan, die buit verdeel. Want, as hulle daar sou uitkom, daardie prokureurs en dinge dit sou bekom, weet julle wat gaan gebeur. Hulle sal elke duitjie daarvan vat."

175 Toe het hulle in die kamers ingegaan om te verdeel wat hulle gehad het. Hulle het in die sitkamer ingegaan. Hulle het gestry en baklei. "Ek het *dit* gekoop," en: "ek het *dit* gehad." En hulle het voortgegaan, in die volgende kamer, en daarbinne verdeel. En eindelik het hulle in die solderkamer ingegaan. Hulle het gehad 'n. . . Onthou hulle het 'n ou trommel daarbo gehad. Hulle het daar ingekom en begin sê: "Wel, *hierdie* het aan my mamma behoort." "*Hierdie* was my mamma s'n," ensovoorts. Hulle het in die trommel gegrawe, stuk-vir-stuk, hulle altwee het op die vloer gekniel, met die deksel oop, het verdeel wat wat was. Hulle kon nie saamstem nie. "*Dit* behoort aan my." "Ek het *daarvoor* betaal." "Ek het die werk gedoen." "Ek het tuis gebly terwyl jy dit gedoen het," het gestry.

176 Eindelik het hulle iets anders opgetel, en hulle altwee het gegryp, terselfdertyd. Wat was dit? 'n Paar skoentjies van 'n babatjie wat vir daardie verbintenis gebore is, wat God geneem het. Hulle kon nie stry nie. Hulle het iets in gemeen gehad. Soos wat hulle hulle hande vasgehou het, het hy onthou dat sy die moeder van daardie baba was. Hy het onthou sy was die moeder. Sy het onthou hy was die vader. En soos hulle die skoentjies in hulle hande gehou het, het hulle die een die ander na mekaar toe getrek, hulle arms om mekaar gesit. Die skeisaak is nietig verklaar. Waarom? Hulle het iets gevind wat hulle in gemeen gehad het.

177 Julle mag van my verskil het hierdie week, om die Heilige Gees te sien inkom, hierdie Woorde en dinge te bevestig. Doen 'n. . . Julle mag daarvan verskil. Julle mag verskil dat die

siekes genees word. Maar ons het een ding in gemeen: dis die Bloed van Jesus Christus wat ons red van sondes. Sal julle vanaand die vuilheid van Sy voete afwas?

178 Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Onthou, Hy hou elke belofte. Hy hou elke belofte. Hy het belowe: "Al is jou sondes soos skarlaken, sal hulle wit wees soos sneeu. Al jou sondes word jou vergewe, as jy dit net sal glo."

179 Nou, met ons hoofde gebuig. Ek wonder hoeveel hier sal jou hand opsteek en sê: "Broer Branham, ek wil, res van my lewe, wil ek Hom nie laat sit en verneder word nie. En ek—ek het 'n geleentheid soos die vroutjie gehad het. Ek wil, met my getuienis, die vuilheid van Hom afwas, die . . . Sy kosbare Naam"? Sal jy jou hand opsteek, sê: "Bid vir my, Broer Branham. Ek—ek . . ."? God seën jou. God seën jou. Dis goed.

180 Nou, Hemelse Vader, daar was baie, baie hande wat nou net hier opgegaan het. En ons sien dat die Naam van Jesus Christus in die grond vertrap is. En alles in die Hemel word Dit genoem. Alles op aarde word Dit genoem. Elke—elke kerklidmaat, elke lid van die Liggaam van Christus, is Mev. Jesus. En ons bid, Hemelse Vader, dat ons dit sal insien en verstaan, vanaand. En mag U genade nou op hierdie mense kom en elke sonde vergewe, dat hulle dit weet, nou in U Teenwoordigheid, en weet dat U hier is. Laat U Heilige Gees ons almal nou onderrig, en mag ons van al ons sondes en ons foute vergewe word. En van vanaand af, voortaan, mag ons nuwe skepsels wees, vervul met U Gees. Skenk dit. Mag ons bewus wees van U Teenwoordigheid. Want ons vra dit in Sy Naam.

181 En terwyl ons ons hoofde gebuig het. Ek wonder, vanaand . . . Nou, ek praat met sondaars, en met kerklidmate, en met teruggevallenes, en met diegene wat nie die Heilige Gees het nie. Ek praat met julle. Waarom het Fariseër Hom nie aanvaar nie?

182 Ons bly roep na Hom. "O Here, sal U kom?" Toe jou baba siek was, het jy na Hom geroep. Hy was genadig, sonder twyfel. Toe jy op die punt was om daardie ramp te sien daar, het jy Hom aangeroep. Hy—Hy het jou daaruit laat kom. Maar ek wonder, wonder net, met al hierdie dinge wat ons Hom vra, en ons nooi Hom uit, dan wanneer Hy ons so kom besoek, wonder of ons net skaam is.

183 Om te sê: "Wel, ek was 'n lidmaat van 'n kerk, maar ek wil Hom vind in die doop van die Heilige Gees vanaand. Ek wil Hom hê. Ek het Hom nodig. Ek gee nie om wat die res van die wêreld Daaroor sê nie. Ek wil Hom hê." Wil jy graag die doop van die Heilige Gees hê? As jy wil, gaan ek jou vra om iets te doen. Ek wil hê jy moet hierheen kom, hier reg waar ek nou is.

Kom reg hierheen en staan reg by hierdie put hier by my. Elke persoon hierbinne, elke ongeredde persoon, eerste, sal jy hiernatoe stap en hier staan net vir 'n minuut?

184 As jy glo dat Hy gebed verhoor, sal jy hierheen kom en hier staan nou net 'n minuut, terwyl ons een versie van 'n lied sing? Wat is dit? *Saggies En Teer Roep Jesus*. Goed, met ons hoofde gebuig, almal wat bid, kom reg hierheen en staan hier, reg hier in hierdie put hier.

Saggies en teer, Jesus . . .

Kom, sal jy, vriend, waar jy ook al is?

Hy roep vir jou en . . .

185 Jésus in hierdie laaste dae, nou net voor Sy verskyning in fisiese vorm, sit met vuil voete. Is jy gewillig om te kom staan, om die smaad van Sy Naam weg te neem?

Roep nou, O sondaar, kom tuis.

Kom tuis.

186 Sal julle nie . . . Kom nou gou nader. Besluit nou. Kom nou reguit nader. Ons het baie tyd. Môre is Sondag. Sondagskool begin nie voor nege-dertig nie. Kom nou.

vermoeid is, kom tuis;
Ernstig, teer . . .

Besef julle Jesus is hier?

Roep nou, O sondaar, kom tuis.
Kom tuis.

187 Dis reg. Kom nou daar van die balkon af. Ons sal vir julle wag. Kom reg tot hier, elkeen nou, en neem jou plek reg hier in. Nou net . . . Dit beteken jou lewe.

188 Wat gebeur? Kyk na die aardbewings oraloor die aarde, wat die aarde weer skud. Kyk wat gebeur oral. Die tyd is op hande. En kyk, die deur sal toegemaak word, na 'n ruk, en jy sal huil om in te kom, en nie kan nie.

189 Ek het gepraat met 'n jong vrou, 'n tyd gelede. Ek het 'n byeenkoms gehou in 'n Baptiste kerk, en ek het haar daardie aand gevra om na Christus te kom. En sy wou dit nie doen nie. En toe agterna, het sy my buite ontmoet en gesê: "Jy moet my nooit weer so in die verleentheid stel nie." 'n Jaar later, het ek in die straat langs verbygekom. Sy was 'n eerbare jongmeisie. Ek het in die straat verbygekom. Haar onderrok wat uithang, 'n sigaret aan die rook, wat in die straat afgaan. Sy was 'n diaken se dogter. En ek het gesê: "Hello, daar. Is jy nie . . . "

Sy het gesê: "Hello, preach'!" Sulke 'sleurtaal' soos dit: "Hello, preach'!"

Ek het gesê: "Skaam jy jou nie, daardie sigaret?"

190 Sy het gesê: "Haai, wil jy nie 'n slukkie hê uit my bottel nie?" Sy was halfpad dronk.

En ek het gesê: "Skaam jy jou nie vir jouself nie?"

Sy het gesê: "Kom hier. Ek wil jou neem na waar ek bly."

Ek het gesê: "Is jy nie by die huis nie?"

"Nee."

Ek het gesê: "Wat is die probleem?"

Sy het gesê: "Vat 'n slukkie uit my bottel. Ek sal jou sê."

191 Ek het gesê: "Skaam jy jou nie vir jouself, om my 'n sluk uit 'n bottel aan te bied, of 'n sigaret nie?"

192 Sy het gesê: "Ek wil jou iets sê, prediker. Weet jy daardie aand wat jy my gesê het dit was my 'laaste kans'?"

Ek het gesê: "Ja, ek onthou."

193 Sy het gesê: "Jy was reg." Sy het gesê: "Sedertdien, was my siel so hard!" Sy het gesê. . . Nou hier's die opmerking. Dit het net rillings oor my rug laat loop. Sy het gesê: "Ek sou my eie ma se siel in die hel kon sien braai soos 'n pannekoek, en daaroor lag."

194 Sou jy in daardie stadium wou beland? Jy moet Hom nie wegwys nie. So net nou, sal jy nie kom, saam met die res van hierdie staan nie?

Kom tuis, kom tuis.

195 Wys Hom weg, dis wat gebeur het. Onthou, jy sal Hom wegwys, die laaste maal.

Kom tuis. Ernst-. . .

196 Hy kom al Sy afsprake na. En jy het een met Hom. Jy gaan Hom by die Oordeel ontmoet of Hom hier ontmoet.

Roep nou, O sondaar, kom tuis.

197 Weet julle, ek's so verbaas. My hart voel heel snaaks. Ek het gedink, vandag, toe ek gebid het. . . Het 'n ander boodskap gehad waaroor ek sou praat. Hy het my gesê om dit te doen. Hy het my gesê om dit te sê. Ek het gedink elke vrou met kortgeknipte hare sou hier staan op daardie altaaroproep. Sien, jy raak net so hard en so ver heen. Sien? Jy gaan oor daardie lyn tussen daardie stuwing, sien, hoor nie die Woord van God nie. Ek het gedink dit sou sekerlik gebeur. Maar ek skat dis dalk later as wat ek regtig dink. Onthou, die bloed is nie op my hande nie. Ek het nie daarvan weggeskram om aan julle die Raad van God, soos wat Dit is, te verklaar nie.

198 Onthou, daar is iets binnekant, wat die buitekant identifiseer. Kom weg daarvan af, suster, skat. Broer, neem haar aan die hand en kom nader hierheen. Hoekom doen jy dit nie? Wil jy nie, wil jy nie graag 'n ware Christen wees nie? Wat is die nut daarvan om 'n halfpad lewe te lei, en onder

veroordeling te leef? Jy moet dit nie doen nie. Sien? Jy sê: "Wel, ek—ek . . ." Ek gee nie om wat jy gedoen het nie. Jou vrugte is waaraan jy geken word.

199 Ek deurkruis Amerika, voortdurend. En elke jaar wat ek dit deurkruis, raak dit erger en erger, so ek weet daar is iets verkeerd. Die dag van genade gaan verby. Moenie dat dit met julle hier in Tampa gebeur nie. Julle is hier in 'n yslike, groot, fabelagtige stad waar alles vol glans is, net soos Hollywood.

200 Die hele wêreld het besmet geraak. Al wat op televisie en dinge is, is vulgêre, vuil goed. En julle probeer julle op daardie lees skoei. Sal julle nie Jesus se voorbeeld neem nie? Sal julle nie—sal nie, wil julle Hom nie toelaat nie? Sal julle nie na Sy Woord luister nie? Sal julle nie hierdie dinge doen wat reg is nie?

201 Hoeveel hierbinne sal eerlik sê dat jy weet jy het nie die Heilige Gees nie? Kyk in jouself, in die spieël, en weet jy het nie. Weet, en kyk net na jou eie lewe, en hoe jy maak.

202 Nie omdat jy aan 'n kerk behoort: "Ek behoort aan Metodiste, Baptiste, Pres-. . . ek . . ." nie. Dis in orde. Ek sê niks daarteen nie. Maar ek vra jou, ken jy Christus Jesus? Leef Hy in jou? As Hy dit doen, sal Hy Homself bekend laat raak. As Hy daar is, sal Hy Homself moet bekend maak. Jy kan Hom nie wegsteek nie, Hy staan uit.

203 Jy nie die Heilige Gees het nie, en jy weet jy het nie, steek op jou hand. Wees so eerlik. Sê: "Ek het nie die Heilige Gees nie. Ek weet ek het nie." God seën jou vir daardie opregtheid. God sal daardie opregtheid eer. As jy die Heilige Gees wil hê, sal jy nie nou hier kom staan saam met hierdie, hierdie berouvolle sondaars hier nie. Sal jy nie hierdie keer kom nie? Kom nader en staan, terwyl ons dit weer sing. Sê: "Ek wil Dit hê, Broer Branham." Ek sê julle dat dit Dit vereis. Jy sal Dit moet hê, vir die Wegraping. Dis presies reg.

204 Nou, julle onthou. Glo julle dat God met julle praat? Glo julle dis Jesus Christus? Steek op jou hand. As jy glo, hierdie week, jy in die dienste was, jy glo dis Christus. Goed, dan is jou plek by die altaar.

205 En vroue, skaam julle. Mans, skaam julle om haar dit te laat doen. Julle mans wat daardie dinge doen.

206 En party van julle predikers, daardie almagtige dollar in plaas van Almagtige God se Woord; laat daardie gemeente in daardie soort toestand beland, net vanweë een of ander organisasie.

207 Julle lees dieselfde Bybel as wat ek lees. Skaam julle julle nie vir julleself nie? Jésus met vuil voete. En het julle nie die ware Christelike durf in julle, om op te staan en Daarvoor standpunt in te neem nie? Lyk asof julle behoort te hê.

208 God wees genadig. Ek bid dat God net nou die Heilige Gees in oortuiging sal stuur, wat hierdie gemeente sal laat besef waar dit sit.

209 Is julle bewus daarvan dat dit julle geleentheid is? Gaan julle maak soos daardie koerier het, julle laaste geleentheid laat verbygaan? Gaan julle dit doen? Jy moet dit nie doen nie. As daar iewers 'n twyfel is, of iets verkeerd, neem jou plek reg hieronder in. Neem jou plek in. Dit is jou plek.

Sê: "Wel, ek wil nie enige . . . "

210 Hulle wou ook nie. Hulle kon daarheen gegaan het en het Hom daar sien sit het. Hulle kon gegaan en hulleself geïdentifiseer het. Maar dit was teen hulle gemeente. Wat daarvan . . . Dit was nie teen Hom nie. Daardie vroutjie het nie omgegee nie. Sy het geweet sy was 'n sondares. Sy het vergifnis gekry.

211 Ek weet nie wat gebeur het nie. Waarby is hulle vanaand? Waar is daardie vrou, vanaand, dink julle? En waarby is Fariseër, vanaand, hoewel godsdienstig? Jy kan hulle albei hoor, waarby hulle is, jy sou sekerlik haar plek inneem, enige tyd. So, maak nie saak hoe godsdienstig jy is nie! As jy . . . Jesus kom elke afspraak na. Elke Gebod, Hy, moet jy verantwoording voor doen.

212 So, jy moet liewer nou kom, as jy nie die Heilige Gees het nie. Hy het jou beveel om dit te doen. Hy het gesê, in die Boek van Handelinge, het Petrus, het gesê: "Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is aan julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep." En solank as wat Hy steeds roep, gee Hy steeds die Heilige Gees.

213 Terwyl ons weer sing, sal jy nie kom nie? Dis nou my laaste keer. Onthou, Christus was hier, en julle het almal julle hande opgesteek, geïdentifiseer dat dit Hy was en Sy Woord.

En onder, daardie, Christus, in my hart, is Hy bedroef.

214 Jesus het gesit bokant Jerusalem, eenkeer, gesê: "Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Ek jou bedek soos 'n hen haar kuikens, maar jy wou nie."

215 Baiekeer, wanneer ek kom onder, soos ek julle vanoggend in die ontbyt gesê het, julle goeie Pinkstermense, en alle soorte mense. Wanneer ek onder julle kom, die Heilige Gees onder in my, sê: "Hoe dikwels wou Ek julle bymekaarmaak. Hoe sou die kerk vandag gestaan het in sy krag, maar julle wou nie." Sien? Julle wou nie. Sal julle dit nie nou doen nie? Dit is die tyd. Sit opsy elke gewig wat . . . die sonde wat jou so maklik omring. Laat ons met geduld die wedloop loop wat voor ons lê.

216 Terwyl ons nog een keer ’n oproep maak, sing almal nou saam met my. Kom reguit nader en kom hiernatoe. As jy nie die doop van die Gees het nie, as jy ’n sondaar is, teruggevallene, wat jy ook al is, kom nader en laat ons saam bid. Sal julle nou? Dit is ons laaste oproep.

Saggies en teer, klink die roepstem van Jesus,
Hy roep vir jou en vir my;
Kyk by die poorte staan Hy daar wagtend,
Wag daar vir jou en vir . . .

217 Wat as Fariseër daardie altaaroproep sou kon hoor, vanaand, daaragter gesit het, wat sou hy doen?

Kom tuis, kom tuis.

218 Hy het sy manier, dag weggesondig. Sal jy dieselfde ding doen? Wat as daardie koerierkêrel weer voor Hom sou kon staan, wat sou die eerste ding wees?

tuis;
Ernstig, teer, klink die roepstem van Jesus,
Roep . . .
Kom tuis, kom tuis, (O God)
Wat vermoeid is, kom.

219 Hinder hierdie tekens jou, op die aarde vandag, daarvan te weet? Of, is jy by daardie punt verby? Is daar steeds ’n sagte plekkie daarbinne? As daar is, kom. Laat Hom inkom, dit oorneem, net daar. Hy sal jou ’n nuwe skepsel maak. Jy sal hiervandaan weggaan die gelukkigste persoon wat jy ooit was.

Hy roep: O sondaar, kom tuis.

220 Met ons hoofde nou gebuig, laat ons dit neurie. [Broer Branham begin neurie *Saggies En Teer*—Red.] Sal jy nie hier huis toe kom nie? God seën jou, dametjie, het dit gesien.

Jy wat vermoeid is, kom tuis.

O teruggevallene, kom huis toe.

Ernstig, teer . . .

221 Is jy besorg? As jy oortuig is, dan is jy besorg. Of, as jy nog nie oortuig is dat dit Jesus is nie, dan kan jy nie besorg wees nie.

Kom tuis.

222 Nou, net hier, in die publiek, kan ons nie te veel daaraan doen, waar ons hier staan nie. Jy kom, om ’n belydenis te doen.

223 ’n Tyd gelede, het ek ’n storietjie gehoor. Ek wil hê julle moet luister, ter afsluiting. Daar was ’n man met die naam Danny Martin. Hy het die nasie hier deurkruis, baie herlewings. Hulle het daarop aanspraak gemaak dat hy ’n droom gehad het, een nag, dat hy gesterf het. En hy—hy het die Hemel begin ingaan; hy is by die poort ontmoet. Hy het gesê:

"Wie kom nader?"

224 En hy het gesê: "Dit is Danny Martin." Hy het gesê: "Ek is 'n evangelis."

225 Die man by die poort, het gesê: "Laat ons kyk of jou naam hier op die boek is." Het gesê: "Dit is nie."

Hy het gesê: "Wel, ek was 'n prediker"

226 Het gesê: "Ek kan nie verhelp wat jy was nie. As jou naam nie hierop is nie, dan kan jy nie by hierdie deur ingaan nie. Dis stewig gesluit! . . . jy moet kom. Jy moet jou naam op die boek hê."

En hy het gesê: "Wel, wat kan ek doen?"

227 Hy het gesê: "Jy kan jou saak appéleer, as jy wil, na God se Wit Troon Oordeel." O, broer, suster, moet nooit soontoe wil gaan nie.

228 So hy het gesê: "Ek skat ek het geen ander alternatief as om my saak te appéleer nie."

229 So, hy het gesê, eindelik het hy iewers heen begin gaan; het nie geweet waar hy was nie. Dit is die man se droom. En hy het gesê: "Ek het in 'n Lig ingekom. Daar's nie 'n spesifieke plek waaruit Dit voortkom nie. Maar ek het stadiger geraak, en na 'n ruk, het ek gestop. Ek het 'n Stem gehoor, gesê: "Wie nader My troon van geregtigheid—geregtigheid?"

230 Hy het gesê: "Ek, Danny Martin." Gesê: "Ek's 'n evangelis van die Verenigde State." Hy het gesê: "Ek—ek—ek—ek het siele gewen. En hulle wou my nie by die poort inlaat nie."

231 Hy het gesê: "Goed. As jy jou saak geappéleer het om in My howe te staan," het Hy gesê: "dan vereis Ek geregtigheid." Hy het gesê: "Ek het die gebooie." Het gesê: "Danny Martin, het jy ooit gelieg, in jou lewe?"

232 Hy het gesê: "Ek het gedink ek was 'n eerbare man, maar," het gesê: "in die Teenwoordigheid van daardie Lig, het ek besef ek het 'n paar dinge gesê wat twyfelagtig was." Het gesê: "Ja, meneer. Ek het leuens vertel."

Hy het gesê: "Het jy ooit gesteel?"

Hy het gesê: "Ek het gedink ek was eerlik, maar ek het 'n paar transaksies gesien."

233 Wag dan, tot jy in die Teenwoordigheid van daardie Lig kom. Jy dink jy's nou in orde, maar wag net tot jy daar kom. Probeer om eenkeer nader te kom met kortgeknipte hare, sigarette rook. Probeer dit net, eenkeer. Julle dink ek sê dit net. Ek sal dit vir julle bewys, hier uit die Skrif. Presies reg. Probeer 'n langbroek, kortbroek dra, vind uit waar jy is. Die Bybel sê: "Dis 'n gruwel in die oë van God." Sien? Probeer dit, eenkeer. Waar is jou gewete?

Het gesê: "Wel, het jy ooit *dit* of *dat* gedoen?"

"Ja," het hy gesê.

"En, Danny, het jy ooit gesondig?"

Hy het gesê: "Ja, ek het gesondig."

234 En hy's net op die punt om te hoor. . .Hy het gesê sy beendere, het dit gelyk, was uit lid uit aan die raak; om dit aan te hoor: "Gaan weg na die ewigdurende hel toe, uit My Teenwoordigheid uit."

235 Gesê hy het die soetste stem gehoor wat hy ooit gehoor het. Het gesê hy het omgekyk, om Dit te sien. Gesê hy het die mooiste gesig gesien wat hy ooit gesien het.

236 Gesê, Hy het gesê: "Vader, dis waar. Danny het alles probeer lewe soos hy geweet het hoe om te lewe, maar hy het wel verkeerd gedoen. Maar een ding het hy wel gedoen op aarde, hy het vir My gestaan. Hy het opgestaan vir My, My bygestaan, in My hele Woord. Nou sal Ek Hier vir hom staan."

237 Dis wat julle nou doen. Julle neem hier vir Hom standpunt in. Hy sal standpunt inneem vir jou, voor die Vader.

238 Here Jesus, ek bid dat U genadig sal wees en die vergifnis sal skenk vir hierdie mense se sonde. Hulle het hierheen gekom om 'n standpunt in te neem. Hulle wil elkeen vervul word met die Heilige Gees. Gee dat dit aan hulle geskenk word. Ek eis hulle op, Here, vir U heerlikheid, terwyl hulle voor hierdie gehoor staan, as 'n getuie.

239 Sommige van hulle is kerklidmate, sommige van hulle is teruggevallenes, sommige van hulle het U nog nooit tevore aangeneem nie. En hulle staan hier. En hulle sien die vuilheid wat volg op regte, ware Christelike belydenis. En hulle is nou gereed om hulle standpunt in te neem, soos daardie vrou, om te bely hulle is sondaars. Maar met hulle trane van berou wil hulle die vuilheid van U Naam afwas, Here. Gee dat hulle dit kan doen.

240 Nou gaan ek julle een ding vra. Waar jy nie hier voor die publiek wil wees nie, het hulle plek voorsien reg hieragter. As jy graag wil. . .?. . .Ek wil hê jy moet na agter gaan, voor ons daar na agter gaan saam met jou. Kom net met die trappie op, *so*, en gaan hier uit. Sal jy dit nou vir my doen? Kom net *hierdeur*. Ons het plekke gemaak reg hierbinne vir jou, vriend. Kom net *hierlangs*. God seën julle, elkeen.

241 Is daar nog wat net nou wil gaan, terwyl hulle gaan? Wil hê almal wat hierbinne is, moet uitkom en na agter gaan. Hulle sal jou net binne 'n minuut ontmoet. Hierdie aand is hiervoor gegee. Nou is die tyd, ontvang die Heilige Gees. Het julle Dit nog nooit ontvang nie, is dit die tyd. Kom nou en ontvang Dit. Dit is die tyd om reg te maak met God. Jy kan nog steeds jou standpunt inneem. Nou, as jy dit nie wil doen nie, sal Hy nie Daarbinne vir jou staan nie! . . .?. . .

242 Die Here seën. Lyk asof elkeen van hulle gaan. Ek glo hulle is werklik diep opreg. Ek glo dit sal die grootste aand wees wat ons in ’n lang tyd in Tampa gesien het. Sal iemand anders nie nou na vore kom nie? Dit is persoonlike werkers daaragter, met hulle kaartjies aan hulle, gaan saam met hulle in. Ons gaan daar in, oor net ’n paar minute, om daar reg by hulle te wees. Hulle sal steeds binne die gebou wees. Julle broers gaan dan reg daarheen en ontmoet hulle, gaan voort, kry hulle geskei in die kamer. Gaan net daar wees by julle wees, net binne ’n oomblik.

243 Wil iemand anders nie net gou kom, terwyl hulle nou gaan nie? Staan sommer net daar.

244 Sal julle Jesus laat sit in hierdie dag? Jy sê: “As ek destyds daar was, as ek Hom so sou sien, sou ek dit nie gedoen het nie.” Wat daarvan net nou? Jou eie huidige houding identifiseer wat jy toe sou gedoen het. Sien? Die houding wat jy nou inneem, jy voel of jy goed genoeg is? Goed. Dis tussen jou en God. Dis nie vir my om te oordeel nie. Ek’s net verantwoordelik vir die Woord. Sien? Hy’s hier in die dienste. Hulle kom ook uit kerke, maar hulle gaan in om dit net nou reg te maak. Dis die hele ding. Hulle is gereed. Waarvoor wil jy ’n halfpad Christelike lewe lei? Wees óf vir God, óf wees teen Hom, sodat die wêreld jou kleure kan sien en weet waar jy staan.

245 God seën hulle soos hulle gaan. Hulle gaan in, net soos, om van hulleself af te sterf. Hulle gaan hulle lewe gee. Hulle gaan na Gólgota. Hulle gaan gekruisig word vir die dinge van die wêreld, en die modes van hierdie glansryke dag waarin ons hier lewe. Hulle gaan sterf vir Jesus Christus, Wie se Teenwoordigheid net nou hier is. Hulle gaan van hulleself afsterwe, en wedergebore word vir Jesus Christus. God seën hulle.

Is daar iemand anders wat wil kom, terwyl ons nou saggies sing?

Ernstig, teer, klink die roepstem van Jesus,
Hy roep: O sondaar, kom tuis.
Kom tuis.

Sal jy dit doen?

Kom tuis,
Jy wat vermoeid is, kom tuis.

246 Nou, ernstig, die Heilige Gees is blykbaar net in my hart, net aan die uitroep. Ek weet daar is soveel wat dit misloop.

Hy roep: O sondaar, kom tuis.

247 Van die balkon af, van oral af, onthou, ek bied aan julle Jesus Christus. Sal julle Hom ontvang? Sal julle Hom ontvang? Sal jy, my suster? Sal jy, my broer? Kom en maak jou . . . hernu jou belofte vanaand en onderneem dat jy Hom sal dien.

248 En julle weet dat ek nie hier sou staan, dit sê, as ek nie onder onderskeiding is nie. Iemand kry hulle laaste oproep. Nou, dis 'n verleentheid om mense uit te roep, wat nie ontvang het nie. Ons besef dit. Maar dis—dis 'n jammerte, om dit so in te sien, maar ek skat dit moet so wees. Binne-in my, net iets wat my uitmekaar skeur. Nou laat. . .

249 Laat ek julle net 'n bietjie wys. Kyk hier, net om julle te wys Hy is steeds hier. Die mense wat siek en behoeftig is.

250 Ek kyk reg na 'n persoon hier wat hulle reuksin verloor het, sit net hier, 'n vrou. Sy bid net toe daaroor. As dit reg is, dame, steek jou hand op as dit reg is.

251 Hier sit 'n ou vrou, sit net hier op die punt. Sy het pas vandag in hierdie land ingekom. Sy kom van Georgia. Sy het 'n groot gewas aan die binnekant van haar. Dis baie sleg daaraan toe. Sal sy glo, kan sy genees word. Sy het pas ingekom. En haar naam is Mejuffrou Turner. As jy nou met jou hele hart glo, sal Jesus Christus jou gesond maak. Glo jy dit?

252 Glo jy in God? Is jy 'n vreemdeling? Jy het nie 'n gebedskaart nie, het jy? Jy het pas vandag ingekom. Iemand het gekom en jou gehaal. Jy het hierheen gekom van die staat daarbo by Georgia. Glo jy nou dat—dat God. . .Jou seun het gekom en jou gehaal. Goed. Nou, jy weet dis totaal onmoontlik vir my om dit te weet, want julle het pas ingekom net 'n rukkie gelede, en hier gaan sit. As dit reg is, steek jou hand op. Sien?

253 Nou, dieselfde Heilige Gees wat dit sê, dit pols net teen die mense net hier. Sien? Hy's geïdentifiseer, mense. Moenie, moenie dit doen nie. Moenie. Jy—jy maak 'n roekelose fout. Ek het julle lief. Onthou, julle kom luister na my. Ek waardeer dit. Liefde is teregwysend.

254 Sien jy jou kind hier in die straat, sal jy sê, net sê: "Junior, jy behoort dit nie te doen nie?" Jy sal uitgaan, en hom laat tuisbly, as jy hom liefhet.

255 Liefde is teregwysend, pamperlang jou nie. Ek moet julle uitskel. Onthou, dis selfs julle offers en dinge, wat vir hierdie diens betaal, en dit moontlik maak om hier te wees. Het ek julle lief? Met my hele hart.

256 Suster, jy kan dalk nou dink ek het iets teen jou, oor die dinge wat jy doen. Dit is nie dat ek enigiets teen jou het nie, suster. Dis my goddelike liefde vir jou.

257 Iemand het gesê: "As jy 'n bietjie jonger was, sou jy dit nie gedink het nie." Ek het dit gedink toe ek veertien jaar oud was. Die Bybel sê so. Dis dieselfde ding.

258 Moenie daardie fout maak nie. Julle moenie vertrou op die spreek in tale vir die Heilige Gees nie. Heilige Gees praat in tale, maar julle moenie daarop vertrou en die dinge wat julle doen, dans in die Gees, 'n soort sensasie nie. Christus is 'n Persoon.

Sekerlik. Wanneer. . .En Hy's die Woord. En as Hy daarin is, laat Hy altyd Sy Woord werk presies net soos Dit veronderstel is. Wanneer jy Dit wegwys, hoe kan dit Christus wees?

Kom tuis, kom.

259 Die deur is steeds oop. Onthou, by die Oordeel, is ek nie skuldig nie.

Jy wat vermoeid is. . .

260 Jesus Christus geïdentifiseer onder julle, wat dit bewys, daardie selfde Gees. Hy het gesê: "In die dae wanneer die Seun van die mens geopenbaar sal word." Hy's dieselfde gister, vandag, die einste Jesus wat met vuil voete gesit het. Sou Hy 'n huigelaar ondersteun? Sou Hy iemand ondersteun wat nie Sy Woord geken het nie? Dis die identifikasie dat Dit wel die Woord ken. Ek vertel julle Waarheid. Moet Dit nie verbygaan nie.

Kom tuis.

261 Die laaste keer. Staan hier, gereed om julle te ontmoet. Die kamers, is baie plek daarin. Mense gekniel, oral.

Jy wat vermoeid is, kom tuis.

God wees genadig, wees genadig. Kan julle nie nou daardie bedroefdheid voel nie?

Ernstig, teer, klink die roepstem van Jesus;
Hy roep: O sondaar, kom tuis.

Kom tuis, kom tuis.

God seën jou, jongman. Groot standpunt.

. . .kom tuis;

Ernstig, teer, klink die roepstem van Jesus;
Hy roep: O son-. . .

262 Wat is 'n sondaar? Nie hulle wat rook nie. Rook is nie 'n sonde nie. Drink is nie 'n sonde nie. Vloek is nie 'n sonde nie. Egbreuk pleeg is nie 'n sonde nie. Nee, nee. Dis eienskappe van ongeloof. Jy doen dit omdat jy nie 'n gelowige is nie.

263 Daar's net twee: een, jy is 'n gelowige, of jy's nie 'n gelowige nie. As jy nie 'n gelowige is nie, maak nie saak hoe godsdienstig jy is nie, jy's steeds 'n sondaar. Jy's steeds 'n sondaar, as jy nie elke Woord van daardie Bybel aanvaar nie, elke Woord Daarvan. "Want beide hemele en aarde sal verbygaan, maar nie een jota of een tittel Daaruit sal verbygaan nie." En ons sal rekenskap daarvan gee.

264 Jy sê: "Wel, ek behoort aan 'n kerk. My mense maak nie. . ." Dit maak nie saak nie. "Ek doen *dit*." Ek gee nie om wat jy gedoen het nie.

265 Jy's óf 'n gelowige óf 'n sondaar. Dis nogal sterk. Maar ek sê dit net, omdat, dieselfde Een wat die harte van julle ken, sê my om dit te sê.

266 Is julle klaar? Ek sien nog twee kom. Ek wag net omdat ek nie weet of daar iemand anders kan wees nie, net een vrou. Waarom kom jy nie, kom in terwyl die water nou geroer is nie? Sal 'n groot ding wees, oor net 'n paar minute, hieragter. Kom, sal jy nie? Staan op daarvandaan.

267 Maak jou belofte teenoor God: "Here God, vergewe my vir wat ek gedoen het. Ek belowe U. Ek het gesê ek is 'n Christen. Maar, Here, daar is Iets in my, sê vir my ek—ek—ek's veroordeel net nou in die Teenwoordigheid van hierdie Een wat Homself identifiseer as die Here Jesus Christus. Ek's veroordeel, reg in my eie hart. En in die wete dat, hierbinne, maak dit so duidelik, ek's veroordeel. Ek gaan in, om dit reg te maak, net nou. Ek belowe God, net hier, dat, van hierdie aand af voortaan, sal ek absoluut vir Hom lewe." Sal julle dit nie doen nie? Goed.

268 Terwyl, as dit al is, laat ons nou opstaan, julle daarbuite, net 'n oomblik. Ek wens ek kon sing. Ek sou graag daardie lied wou sing.

> Vergeef my Heer, en toets my nog een keer.
> Ek sal Uwe wees, U myne wees.
> As ek val, of as ek faal, laat my opstaan, weer probeer.
> Vergeef my, Heer. Toets my nog een keer.

269 Hoeveel hier is nou Christene, en glo dat julle geanker is in Christus, en julle is gereed vir die komende Oordeel? En julle sal in staat wees, dat, wanneer die basuin weerklink, sal daar nie een ding te doen wees nie, behalwe om weggeraap te word? Dit sal so vinnig gedoen word, jy sal nie tyd hê om niks anders te doen nie: "In 'n oomblik, in 'n oogwink."Wat sal dit wees, een van hierdie dae? Wat as jy dit daar misgeloop het, vir ewig, vir Ewigheid, vir ewig, ewig, ewig? Wat sal hierdie klein tydjie van wêreldse plesier beteken? Niks.

270 Nou, ek dink ons almal behoort ons lewens toe te wy, hierbuite, aan Christus. Dink julle nie so nie? Hoeveel wil graag hierop julle lewens opnuut toewy, vanaand? Ek sal myself opnuut toewy, net nou. Here...Nou dink aan wat die...wat jou versoekingsonde is, en laat ons nou net ons hande opsteek, na God, elkeen, op jou eie manier.

271 Onthou, Hy's die alomteenwoordige. Terwyl daar miskien agtienhonderd of tweeduisend hierbinne bid, bid daar terselfdertyd miljoene die wêreld oor, en Hy hoor elkeen van hulle. Daar's nie eens 'n mossie wat in die straat kan val nie, of Hy weet daarvan. Hy ken elke geheim van jou hart.

272 Laat ons almal nou op ons eie manier bid, net onsself toewy aan Christus.

273 Here Jesus, ek...U Teenwoordigheid was so groot, net 'n paar oomblikke gelede, dat ek skaars kon asemhaal. Het gelyk asof ek net sou gaan. En ek weet dat daar een of ander rede is

waarom U dit op hierdie wyse gedoen wil hê. Ek—ek verstaan dit nie, maar U wel, Here. U is God. Maar U het Uself duidelik geïdentifiseer. U is hier. Ons glo U. Ons weet U is hier.

274 En hier in die gebou, is honderde hande omhoog. Ons wy onsself opnuut toe.

275 Here, op hierdie preekstoel waar ek gepreek het, en U hier sien staan het en Uself identifiseer hierdie week, wy ek—ek—ek myself weer toe. Ek wy myself opnuut toe aan U diens. Vergewe my al my klagtes van moeg wees. En—en—en, God, neem my net in U arms.

276 Neem ons almal, Here. Dra ons weg van hierdie wêreldse sorge en hierdie wêreldse dinge, Here, dat ons volkome geheilig mag wees, toegewyde diensknegte van die Here Jesus Christus. Skenk dit, Vader. Verhoor ons vanaand.

277 Seën diegene daaragter, wat die doop van die Heilige Gees soek. Mag daar weer 'n geluid van die Hemel kom, soos 'n magtige rukwind. Mag dit elke persoon daarbinne vervul, met die Vuur vanaf die altaar van God. Skenk dit, Here.

278 Ons prys U. Ons gee U dank en lof vir—vir ons ontvangs. Ons gee U dank en lof vir U mense. Ons prys U omdat U gesê het: "As ons ons sonde bely, is God regverdig om hulle te vergewe." Gee dit, Here, dat ons almal vergewe sal wees. En môre sal ons die grootste genesingsdiens sien wat hierdie land ooit gesien het, vanweë ons belydenis. Skenk dit, Here. Ons wy onsself aan U, in Jesus Christus se Naam. Amen.

Kom, Broer Cox.

279 Wy julleself net aan God, elke deel daarbinne. Ek gaan nou Broer Cox vra, een van julle pastore hier, om die gebed voort te sit.

JESUS KOM AL SY AFSPRAKE NA AFR64-0418E
(Jesus Keeps All His Appointments)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 18 April 1964, vir die McKay Ouditorium in Tampa, Florida, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org